NAVORSINGSPROJEK: DIE ROL VAN DIAKENS IN DIE KERK IN DIE LIG VAN DIE MISSIONALE TEOLOGIE

Die eerste vorderingsverslag het gehandel oor die terminologie wat in gesprekke aangaande die kerk se betrokkenheid by die maatskaplike nood in die wêreld gebruik word.

TWEEDE VORDERINGSVERSLAG: DIE ROL EN FUNKSIE VAN DIE DIAKEN IN DIE NG KERK

1. DIE OPDRAG

1.1 Die huidige gesprek in die Algemene Sinode van die NG Kerk oor "hoe 'n gereformeerde amps- en bedieningsteologie vir ons tyd en konteks daar moet uitsien" (AS 2015a:346) is gestimuleer deur 'n opmerking in die verslag van die Algemene Kuratorium aan die Algemene Sinode van 2013 naamlik dat "die nadenke oor teologiese opleiding nie net vanuit nadenke oor die ekklesiologie bepaal behoort te word nie, maar ook vanuit nadenke oor die amp" (AS 2013a:265).

1.2 Na aanleiding van die verslag van die Algemene Kuratorium aan die Algemene Sinode van 2019 het hierdie Sinode besluit dat "voortgaande ondersoek aangaande die ampsbeskouing en ampstruktuur gedoen moet word" (AS 2019a:176). Die voortgaande ondersoek moet 'n aantal aspekte insluit waarvan "besinning en aanbevelings oor die rol van diakens in die kerk in die lig van die missionale ekklesiologie" een aspek moet wees (AS 2019a:176).

1.3 Van vroeg af het die kerk 'n verband tussen die diakenamp en die versorging van mense in nood gelê. Hoewel die opdrag op die rol van die diaken in die kerk fokus, is dit derhalwe nie moontlik om hierdie besinning los te maak van die gesprek oor die diakonaat van die kerk nie. In die lig hiervan is geoordeel dat dit nodig is om 'n kort oorsig van die diskoerse in die ekumeniese kerk aangaande die konsep *diakonia* in die verslag op te neem aangesien daardie gesprekke 'n belangrike konteks gee vir die toekomstige rol en funksie van die diaken in die NG Kerk.

2. STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

2.1 Die verslag is in vyf afdelings ingedeel. Die eerste afdeling bevat ’n kort samevatting van die Bybelse gegewens ten opsigte van die diakenamp asook ’n beknopte oorsig van die ontwikkeling van die diakenamp tot ongeveer die middel van die 19de eeu.

2.2 Die tweede afdeling behels ’n bondige samevatting van die vestiging en ontwikkeling van die term *diakonia* in die ekumeniese kerk as noemer wat verwys na die kerk se betrokkenheid in die maatskaplike nood van die wêreld sedert die 19de eeu en gee ook ’n kort samevatting van die huidige ekumeniese diskoerse aangaande die inhoude wat aan hierdie konsep gegee word. Huidige gesprekke oor die rol en funksie van die diakenamp sal ook in hierdie afdeling aan die orde gestel word.

2.3 Die derde afdeling fokus spesifiek op die NG Kerk en gee ’n oorsig van die gesprekke oor die diakenamp in die Algemene Sinode sedert die ontstaan daarvan in 1962.

2.4 In die vierde afdeling word enkele rigtingduiders uit die missionale ekklesiologie vir die vernuwing van die diakonaat van die NG Kerk en spesifiek die toekomstige rol en funksie van die diaken gegee.

2.5 Die verslag word afgesluit met ‘n vyfde afdeling waarin ’n aantal waarnemings asook aanbevelings ten opsigte van die rol en funksie van die diaken in die NG Kerk gemaak word.

2.6 ’n Lys van geraadpleegde bronne is aan die einde van die verslag aangeheg.

3. AFDELING 1: DIE ONTSTAAN EN VESTIGING VAN DIE DIAKENAMP

3.1 Bybelse gegewens aangaande die diakenamp

3.1.1 Volgens Nordtstokke (2011a:223) kom woorde uit die *diakon*-woordgroep byna 100 keer in die Nuwe Testament voor en tog vind ons nêrens in die Bybel ’n spesifieke uiteensetting van die funksie of opdrag van die diaken nie. Net soos met die naamwoord *diakonia* en die werkwoord *diakoneo* word die woord *diakonos* ten opsigte van ‘n verskeidenheid dienste gebruik, byvoorbeeld:

- ’n kelner wat aan tafel diens verrig (Matt. 22:12; Joh. 2:5, 9);

- ’n dienskneg in algemen sin (Matt. 20:26 vv, Mark.10:43, Luk. 18:26) of ’n helper (Efes.6:2);
- ’n bedienaar van die nuwe verbond (2 Kor. 3:6), ’n bedienaar van geregtigheid (2 Kor.11:15) of ’n dienaar van die evangelie (Efes.3:7);
- ’n dienskneg van God (2 Kor. 6:4), ’n dienskneg van Christus (2 Kor. 11:23) of ’n dienskneg van die kerk (Kol. 1:25);
- iemand wat ’n spesifieke amp in die kerk verrig (Fil. 1:1, 1 Tim. 3:8-13);
- die staat word ’n dienskneg van God genoem (Rom. 13:4);
- Christus word ’n dienaar van die besnedenes (Rom.15:8) en ’n dienaar van die sonde (Gal. 2:17) genoem.

3.1.2 Daar is tog enkele spesifieke verwysings in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die diakenamp reeds in die eerste eeu van die kerk se geskiedenis in sommige gemeentes gefunksioneer het (Breed 2012:6). In die aanhef van sy brief aan die Filippense vermeld Paulus naas “almal in Filippi wat deur Jesus Christus aan God behoort” ook die ouderlinge en diakens (Fil. 1:1). In sy eerste brief aan Timotheus gee Paulus riglyne ten opsigte van die karakter en integriteit van diakens (1 Tim. 3: 8 – 13).

3.1.3 Tot laat in die 20ste eeu is die verhaal in Hand. 6:1-6 van die Griekssprekende lidmate van die gemeente in Jerusalem wat gekla het dat hulle weduwees oor die hoof gesien word in die daaglikse versorging, allerweë as teks gebruik om die oorsprong en karitatiewe funksie van die diakenamp in die kerk te motiveer.[1] Die reaksie van die apostels ten opsigte van hierdie behoefte was dat dit nie goed sou wees dat hulle die woord van God verwaarloos ten einde by die tafels diens te verrig nie (Hand. 6:2). Daarom versoek hulle die gemeente (“al die gelowiges”) om sewe mans te soek om die daaglikse versorging te behartig van die weduwees te behartig. (Hand. 6:3 - 6). Hoewel die woord *diakonos* nie ten opsigte van hierdie sewe mans gebruik word nie, besing Irenaeus, die biskop van Lyon, in sy geskrif *Against Heresies* (185 n.C.) die lof van Stefanus, wat volgens hom, die eerste verkose diaken in die kerk was. Olson (2005:23) wys daarop dat Irenaeus hiermee ’n tradisie verwoord wat klaarblyklik toe reeds in die kerk bestaan het naamlik dat Stefanus en die ander ses mans die eerste diakens in die kerk was. Nie al die kerkvaders het egter Irenaeus se siening in hierdie verband gedeel nie byvoorbeeld Johannes

[1] Spore van hierdie benadering kan steeds gevind word in die NG Kerk se *Formulier vir die Bevestiging van die Ouderlinge en Diakens* (1976).

Chrusostomus (344-407) wat in 398 n.C. biskop van Konstantinopel geword het (sien ook Van Well 2005:125; A. Noordegraaf 2009b:53).

3.1.4 Navorsing wat sedert die negentigerjare van die vorige eeu gepubliseer is, bevraagteken die gebruik van hierdie teksgedeelte as bewys vir die oorsprong van die diakenamp asook die sosiaal-karitatiewe funksie wat aan die diakenamp toegeken word. In sy studie oor die diakenamp plaas Latvus (2017:26; 36-40) die volgende eksegetiese kwessies op die tafel:

- die gebruik van die woord *diakonia* in hierdie perikoop (Hand.6:1; Hand. 6:4) dui eerder op algemene bedieningstake;
- daar is ook verwysings in die boek Handelinge wat bevestig dat sommige van die sewe mans predikers en evangeliste was en derhalwe nie vir ’n spesifieke bediening afgesonder was nie (Hand.7; Hand. 21:8);
- die sewe mans word nie *diakonoi* genoem nie (sien ook Olson 2005:22).

3.1.5 Hoewel Febe (Rom.16:1-2) in talle vertalings van die Nuwe Testament ’n diaken genoem word en Paulus vemeld dat sy baie mense, ook vir hom, gehelp het, is dit nie ‘n uitgemaakte saak dat sy wel ’n diaken in die gemeente was nie. Paulus noem haar ’n *prostatis* wat ook vertaal kan word as “’n weldoener in die gemeenskap”.[2] In die lig hiervan is daar eksegete wat die tradisionele siening dat Febe ’n diaken was wat barmhartigheidsdiens verrig het, bevraagteken (Latvus 2017:25; Christensen 2019:45).

3.2 Aanduidings uit die vroeë kerkgeskiedenis

3.2.1 Olson (2005:22) is van mening dat die ontwikkeling van die diakenamp, net soos die amp van opsiener of ouderling, vanweë praktiese redes in die vroeë kerk gebeur het. Soos die kerk gegroei het, het die pligte van die leiers vermeerder en moes hulle hulp kry. A. Noordegraaf (2009:106) verwys na die “licht- en skaduwzijden” van die verhaal. Volgens hom was daar in die geskiedenis tye waarin

> ... we de doorwerking van de Geest van God in tal van diaconale pioniers en bewegingen (zien), maar we ontdekken ook hoe die geest van verslapping en

[2] In die nuwe Afrikaanse direkte vertaling wat in 2020 verskyn het, word *prostatis* met “dienares” vertaal en in ‘n voetnota word vermeld dat hierdie Griekse woord ook met “diakones” vertaal kan word.

verstarring het kerkelijk leven beïnvloed heeft en hoe de onheilige tijdgeest zich hier liet en laat gelden.

Om hierdie rede beskryf Van der Merwe (2014:164) die ontwikkelingsgeskiedenis van die diakenamp in die kerk as "'n kronkelpad".

3.2.2 Die eerste drie eeue

3.2.2.1 Geskrifte uit die eerste drie eeue - soms word hierdie tydperk ook die goue eeue vir die diakenamp genoem (Olson 2005:43) - toon aan dat die diakenamp evolusionêr in die kerk ontwikkel het en dat daar in verskillende streke, en op verskillende tye, verskillende sienings oor die funksie van die diakenamp was (Christensen 2019:44).

3.2.2.2 Die *Eerste Brief* van Klemens (97 of 98 n.C.), 'n biskop van Rome, wat aan die kerk in Korinte gerig is, vermeld die aanstelling van biskoppe en diakens en verbind hierdie ampte aan liturgiese verpligtinge. Klemens beklemtoon ook dat elkeen in die gemeente 'n rol het en afhanklik is van die hulp van ander gelowiges (Olson, 2005:29; Christensen, 2019:44).

3.2.2.3 In sewe briewe wat Ignatius, die biskop van Antiogië, in die tydperk ongeveer 98 - 117 n.C. aan Polikarpos, die biskop van Smirna, en ses kerke, geskryf het, vermeld hy drie ampte naamlik biskop, ouderling en diaken. Hy doen 'n beroep op die kerk om diakens te respekteer soos hulle Jesus Christus respekteer en noem hulle sy mede-diensknegte. Uit Ignatius se briewe blyk dit verder dat die diaken se rol sowel liturgies as diens van barmhartigheid was (Olson 2005:30).

3.2.2.4 Die geskrifte van Polikarpos, uit dieselfde tyd as Ignatius, beklemtoon ook dat die gemeente gehoorsaam moet wees aan die ouderlinge en diakens. Hieruit sou ook afgelei kon word dat diakens deel was van die leierskap van die gemeente. Hy beklemtoon verder dat die diakens, soos Christus, almal se diensknegte behoort te wees. Polikarpos vermaan egter ook die ouderlinge om barmhartig ("compassionate") te wees, na die siekes om te sien en nie die armes en die weduwees te verwaarloos nie (Olson 2005:31).

3.2.2.5 Hoewel dit uit bogenoemde verwysings blyk dat die diaken in die eerste eeu n.C. hoofsaaklik in liturgiese funksies saam met die biskop betrokke was, is daar tog

verwysings dat diakens ook funksies ten opsigte van die versorging van die armes en die siekes gehad het. In die brief van Hermas aan die Skaapwagter (begin 2de eeu n.C.) stel hy dit duidelik dat die diakens betrokke was by die versorging van die armes (Latvus 2017:28; Christensen 2019:45).

3.2.2.6 Die *Didache* of die *Leringe van die Twaalf Apostel*s wat in die eerste helfte van tweede eeu n.C. ontstaan het, moedig gemeentes aan om biskoppe en diakens aan te stel. Christensen (2019:44) wys daarop dat hierdie bepaling direk volg op die bepaling waarin die gemeentes aangemoedig word om op die dag van die Here te vergader en die Nagmaal te vier. Hieruit lei sy af dat volgens die *Didache* die diakenamp 'n sterk verbintenis met die Nagmaal het. Olson (2005:29) voeg by dat die *Didache* die bedieninge van die biskop en die diaken onderskeidelik met dié van 'n profeet en 'n onderwyser vergelyk kan word.

3.2.2.7 In sy *Eerste Apologie* (153-155 n.C.) beskryf Justinus die Martelaar die rol van diakens by die Nagmaal naamlik om die tekens van die Nagmaal, die brood en die wyn, aan almal teenwoordig maar ook diegene wat afwesig is, uit te deel (Olson 2005:32).

3.2.2.8 In die literatuur is daar ook verwysings dat vroue klaarblyklik vroeg reeds as diakens in die kerk gedien het. Olson (2005:29) verwys na 'n brief van Plinius die Jongere uit die tydperk 111-113 n.C. waarin hy na twee diensmeisies wat diakonesse genoem is, verwys. Hoewel Olson (2005:29) toegee dat daar nie konsensus tussen navorsers bestaan of die Latynse woord (*ministrae*) wat Plinius gebruik as diakonesse vertaal kan word nie, meen sy tog dat die moontlikheid bestaan dat daar vroeg reeds 'n afsonderlike amp vir vrouediakens in die kerk in die Oostelike deel van die Romeinse Ryk kon wees.

3.2.2.9 Daar is ook aanduidings dat vroue in die vroeë kerk as "weduwees" gedien het (1 Tim.5:9 - 16) en volgens Christensen (2019:46) kon hierdie bediening selfs die diakonesse-bediening vooraf gegaan het. Weduwees was ontvangers van diens van barmhartigheid, maar was ook betrokke in die kerk se barmhartigheidsbediening (Olson 2005:39). Klaarblyklik het die weduwees, sommige skrywers verwys ook na 'n weduwee-orde, teen die derde eeu 'n prominente plek in die hiërargie van kerklui beklee soveel so dat dit klaarblyklik nodig was om in die *Didascalia* maatreëls te beskryf wat bepaal dat weduwees nie kon optree sonder 'n opdrag van 'n diaken of die biskop nie (Olson 2005:39).

3.2.2.10 Teen die middel van die 3de eeu n.C. het die liturgiese, onderrig- en barmhartigheidsfunksies van die diakens sodanig toegeneem dat daar ‘n tekort aan diakens was. Die driedeling van biskop, ouderling en diaken wat sedert Ignatius bestaan het, is toe uitgebrei en volgens ’n brief van Cornelius (250 of 252 nC.), toe biskop van Rome, het die kerk in Rome in daardie stadium een biskop, 46 ouderlinge, 7 diakens, 7 onder-diakens, 42 altaardienaars (“acolytes”) en 52 ander persone gehad wat as “besweerders”, voorlesers en deurwagters diens gedoen het (Olson 2005:38).

3.2.2.11 Olson (2005:43) wys daarop dat die “goue era” vir die ontwikkeling van die diakenamp in die 3de eeu n.C. begin taan het. Die diakenamp is al meer gesien as die eerste tree op pad na priesterskap wat impliseer het dat hierdie amp van ’n laer orde is. Van Well (2005:135) verwys na “een voorstadium van of opleiding tot het priesterschap”. In hierdie tyd het die rol van die biskop belangriker geword en waar diakens vroeër deur ’n raad bestaande uit die ouderlinge onder leiding van die biskop diakens aangewys is, het hierdie funksie geleidelik na die biskop alleen oorgegaan.

3.2.3 <u>Die verval van die diakenamp in Middeleeue</u>

3.2.3.1 In die vierde eeu n.C. het die Christelike geloof die amptelike staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk geword. Dit het meegebring dat die kerk ’n uitvoerende orgaan van die staat geword het en A. Noordegraaf (2009c:65) merk op dat die inskakeling van die kerk binne die staatsapparatuur gelei het tot die uitskakeling van die gemeentelike diakonaat. Hierbo is alreeds daarna verwys dat die selfstandigheid van die diakenamp teen die einde van die derde eeu al meer ingekort is sodat diakens as assistente van die biskoppe begin funksioneer het (Van Well 2005:134).

3.2.3.2 Hierdie verwording van die diaken se funksie in die kerk het die ruimte geskep vir die ontstaan van lekebewegings wat kloosters gevorm het waar hulle begin omsien het na mense in nood (A. Noordegraaf 2009c:71). Die kloosters het sterk geleun op die siening van Bendictus van Nursia (480-550) wat ’n noue verbintenis tussen spiritualiteit en maatskaplike dienslewering beklemtoon het (A Noordegraaf 2009c:72). Die kloosters het omvattende versorging aangebied

vir mense in nood: armes, siekes, weeskinders, vreemdelinge en vlugtelinge (Van der Merwe 2014:168).

3.2.3.3 In die 10de eeu was daar ’n verdere ontwikkeling in die kloosterbeweging van die Middeleeue wat bekend geword het as die kloosterhervorming van Cluny (Van der Merwe 2014:168). Hierdie hervorming het teruggegryp na die siening van Benedictus en het gelei tot die ontstaan van lekebroederskappe wat veral in die 12de en 13de eeue ’n tyd van hoogbloei beleef het. Hierdie broederskappe was groepe gelowiges wat benewens ’n sterk beklemtoning van bekering, hulle ook toegewy het aan versorgingswerk in hospitale en die institusionele versorging van ouer persone, weduwees en mense wat aan ernstige aansteeklike siektes gelei het (Van der Merwe 2014: 168).

3.2.3.4 Vanaf die 11de eeu n.C. het ’n siening begin posvat dat armoede die evangeliese manier van leef is. Die oproep om eerder die “arm Jesus” te volg was ’n reaksie teen die pouslike kerk wat die indruk geskep het dat die ware kerk ’n ryk instelling is (Van der Merwe 2014:169). Daar het selfs bedelordes ontstaan soos “die Minderbroeders” (*Ordo Fratum Minorum*) wat deur Franciskus van Assisi gestig is (A. Noordegraaf 2009c:72). Hierdie siening het daartoe bygedra dat bedelary in dié tyd ‘n groot maatskaplike kwessie geword het. ’n Newe-effek van die hoë waardering van armoede asook die kerk se verdienstelikheidsleer wat die gee van aalmoese aangemoedig het, was dat bedelary in die laat-Middeleeue hierdeur in stand gehou is (A. Noordegraaf 2009c:73).

3.2.3.5 In die 12de eeu n.C. het die stedelike kultuur begin verander. Geld het die *in natura* betalingswyse begin vervang. Dit is meegebring dat geld ’n magsinstrument geword het en namate mense ryker geword het, het ’n groot deel van die bevolking verarm. In hierdie tyd het die stadsbestuur al meer betrokke geraak by die versorging van die armes in die stad en mettertyd het die maatskaplike versorging van burgers ’n bron van konflik tussen die kerk en die staat geword (Van der Merwe 2014:169).

3.2.3.6 Hoewel die diens van barmhartigheid in die Middeleeue grootliks uit die hande van diakens geraak en na parakerklike en buite-kerklike bewegings oorgegaan het, wys A. Noordegraaf (2009c:73) daarop dat daar tog tekens is dat diens van barmhartigheid steeds in die kerk as ontmoeting met Jesus Christus self gesien is. Volgens hom is ’n goeie voorbeeld hiervan die kunswerk wat in 1504 vir die

Sint-Laurenskerk in Alkmaar in Nederland gemaak is waarin die sewe werke van diens van barmhartigheid uitgebeeld word.[3]

3.2.4 Die Reformasie bevry die diakenamp en die diakonaat

3.2.4.1 Uit die kort oorsig hierbo blyk dit dat die bediening van die noodlydendes in die gemeenskap sedert die vierde eeu grootliks van die agenda van die institusionele kerk verdwyn het. Gevolglik was hierdie aspek van die kerk se roeping 'n kernaspek van die reformasie van die kerk wat vanaf die begin van die 16de eeu deur die reformatore bepleit is. Hoewel die reformatore primêr 'n teologiese basis vir die diakonaat as integrale deel van die kerk se roeping gelê het, was daar ook spesifieke pogings om 'n toegespitste diakonale praktyk in die kerk te vestig.

3.2.4.2 Drie jaar nadat Luther (1483-1546) sy 95 stellings in 1517 aan die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het, het hy sy siening oor die diakonaat in twee stellings[4] geformuleer (A. Noordegraaf 2005:142; 2009a:75). Volgens die eerste stelling word 'n mens deur God se genade bevry van die "juk van geestelikheid" wat die Rooms- Katolieke godsdiens mense opgelê het en derhalwe is die gelowige niemand se onderdaan nie. Terselfdertyd, so lui die tweede stelling, is 'n Christen deur God se liefde aan ander gebind en almal se gewillige kneg (A. Noordegraaf 2005:142). Petrus se siening dat die gemeente geroep is om 'n "priesterlike koninkryk" te wees (1 Petr.2:9), het Luther aangegryp en hierdie konsep was vir hom die motivering om die gemeentediakonaat te herstel. Hy het 'n gemeente waar al die lidmate priesters is, gevisualiseer. Ongelukkig kon Luther nie hierdie visie in die praktyk deurvoer nie. 'n Moontlike rede hiervoor kon wees, aldus Noordegraaf (2009c:76), dat Luther 'n duidelike onderskeid tussen die kerk en die owerheid getref het en Luther daarvan oortuig was dat die owerheid verantwoordelik is vir die versorging van die armes.

---

[3] Die sewe werke behels die ses werke waarna in Matt. 25:31-46 verwys word naamlik die voeding van die hongeres, die laaf van die dorstiges, die huisvesting van die vreemdelinge, die kleding van die naaktes, die vesoek van die siekes en die besoek aan gevangenes. Mettertyd is die versorging van die dooies as 'n sewende werk bygevoeg.

[4] In Nederlands lui die stellings soos volg: "Een christen staat door het geloof vrij ten opzichte van idereen en hij is niemands onderdaan. Maar tegelijk is een christen door die liefde aan ieder gebonden en ieders gewillige knecht."

3.2.4.3 Luther het ook ‘n visie gehad dat die diakenamp herstel moes word. Volgens hom moes die hooffokus van die diakens die verdeling van die kerk se skatte ten gunste van die armes en die versorging van die siekes wees - in kort om “die oog en die oor” te wees vir diegene wat gebrek ly (Noordegraaf 2009c:75).

3.2.4.4 Die Straatsburgse hervormer, Martin Bucher (1491-1555) word soms die teoloog van die *diakonia* genoem vanweë die sentrale plek wat hy aan die diakonaat toegeken het. In sy denke oor kerkwees het Bucher teruggegaan na die die vroeë kerk en derhalwe is die kerk vir hom ’n liefdes- en dienende gemeenskap waarbinne elke lidmaat ’n eie taak het (Noordegraaf 200c:76-77).

3.2.4.5 Johannes Calvyn (1509-1564) is sterk beïnvloed deur Bucher en soos met Bucher was die lewe en kerkwees van die vroeë kerk vir hom die norm. Die verhaal in Hand.6:1-6 was die vertrekpunt vir sy denke oor die gemeentediakonaat. Benewens sy siening dat die sorg vir armes sentraal in die gemeente se bediening staan, het sy mensbeskouing ook baie bygedra tot Calvyn se verstaan van die diakonaat. In *Institusie III vii.6* verduidelik Calvyn dat mense nie na verdienste beoordeel moet word nie, maar gesien moet word as ’n beelddraer van God aan wie respek en liefde verskuldig is. Daarom is die gelowige verplig om enige mens in nood wat oor sy of haar pad kom, te help (H. Noordegraaf 2009:11).

3.2.4.6 Met Rom. 12:8 en 1 Tim 3:8-13 as basis was Calvyn daarvan oortuig dat die diakenamp saam met die herderamp die twee basiese ampte in die kerk is en derhalwe is die diakenamp ’n permanente amp wat struktureel in die kerk opgeneem moet word (H. Noordegraaf 2014:12; A. Noordegraaff 2009c:78), naas die ampte van pastor of predikant, *doctores*, en ouderlinge. Ten opsigte van die diakenamp het Calvyn twee tipes diakens onderskei naamlik die *procureur*, wat die aalmoese, of die finansies, moes beheer en die *hospitaliers* wat die versorging van die armes en siekes moes behartig (Institusie IV, iii, 9; A. Noordegraaf 2009c:79).

3.2.4.7 Voetius (1589 – 1676) was ook van oortuiging dat Christus die diakenamp deur middel van die apostels ingestel het en en daarom is die diakenamp “blywend” of permanent van aard (A. Noordegraaf 2009b:82). Hy was ’n voorstander daarvan dat die funksie van die diakenamp sosiaal-maatskaplik van aard is en op die versorging van die armes in die gemeente moet fokus. Volgens Voetius kan die

uitdrukking “diens van die tafel” slegs dui op armesorg en verwys dit glad nie na die eucharistie nie (A. Noordegraaf 2009c:82).

3.2.4.8 Sy siening van die diakenamp het later ’n belangrike rol gespeel in die manier waarop die Gerformeerde Kerke in Nederland die diakenamp beskou het. In artikel 25 van die Kerkorde van Dordt (1619) wat na die Nadere Reformasie in Nederland tot stand gekom het, word die tweeledige taak van die diaken beskryf. Eerstens moet die diakens Christelike barmhartigheid bewys aan gemeentelede wat in stoflike of in ander opsigte meelewing en hulp nodig het. Hierdie hulp behels raad en daad. Die hulpverlening word nie beperk tot gemeentelede nie, maar sluit ook ander mense in die omgewing en elders in die wêreld in. Tweedens is die diakens daarvoor verantwoordelik om die gawes van die gemeente in te samel en te beheer, maar ook ander middele te soek en aan te wend. Verder moes die diakens die lidmate aanspoor (“opwek”) om self betrokke te raak by diens van barmhartigheid (Nauta 1971:106).

3.2.5 Bloeitydperk vir vroomheid en naastediens

3.2.5.1 In die 17de en 18de eeue het verskeie parakerklike bewegings naas die institusionele kerk ontstaan wat op allerlei maniere uiting gegee het aan geestelike vernuwing en barmhartigheidsdiens. In hierdie verband kan verwys word na bewegings soos die Metodisme, die Piëtisme en die Hernhutters van Graaf von Zinsendorf (Van der Merwe 2014:174; A. Noordegraaf 2009c:84). Hierdie bewegings het in baie opsigte die bsasis gelê vir ’n nuwe fase wat later ook die “modern diaconia” genoem is.

3.2.6 Die “vrye” diakonaat ontstaan

3.2.6.1 Die versnelde groei van die Industriële Rewolusie en verstedeliking in die 19de eeu in Europa het meegebring dat die profiel van armoede in Europa drasties verander het (Olson 2005:205,206). Soos die stede gegroei en ‘n ekonomiese stelsel begin ontwikkel het, het armoede toegeneem en die kloof tussen die rykes en arm arbeidersklasse het groter geword. Van Well (2005:152) is van mening dat armoede nou ’n “strukturele verskynsel” geword het.

3.2.6.2 Collins (1990:9) wys daarop dat die amptelike diakonaat van die kerk in daardie byna byna nie meer bestaan het nie. Hoewel die Lutherse kerk pogings

aangewend het om die diakonaat in ’n kerklike amp wat hulle die *diakonat* genoem het, te laat herleef, was daar kritici soos Fliedner wat geargumenteer het dat die vernuwing te veel op die amp fokus en nie op ’n diakonaat wat by die nood in die gemeenskap betrokke raak en vir mense in nood sorg nie. ’n Soortgelyke situasie het ook in die Hervormde kerk in Nederland bestaan (Van Well 2005:157).

3.2.6.3 Hierdie gebeure het die ruimte geskep vir die ontwikkeling van ’n “vrye diakonaat”. Van Well (2005:153) verduidelik dat hierdie begrip verwys na aksies wat gerig is op die verligting van menslike nood, naas of teenoor die amptelike of kerklik diakonaat en derhalwe vry staan van die reëls en inmenging van kerklike strukture. Dit ontstaan dikwels spontaan in situasies waar die kerk nie die nood in die gemeenskap raaksien en daarop reageer nie, dikwels omdat die kerk op ander aspekte van kerkwees en die teologie fokus (Van Well 2005:197; Olson 2005:207). Vervolgens word die werk van enkele pioniers van die vrye diakonaat-beweging kortliks bespreek.

3.2.6.4 In 1833 het Johann Wichern (1808-1881) in Hamburg, Duitsland, *Das Raube Haus*, ’n sentrum vir seuns wat op straat gewoon het, begin. Hierdie sentrum was gekoppel aan ’n Sondagskool en Wichern het naas huisvesting en versorging ook gefokus op opleiding. Die seuns is in groepe van 12 tot 14 seuns ingedeel met die oog daarop om ’n familie-omgewing te skep en elke groep het ’n *bruder*, of ouer broer gehad. Mettertyd is begin om hierdie “broers” diakens genoem. In 1839 het Wichern ’n *Bruderhaus* begin om diakens op te lei om in tronke en slum-areas te gaan werk aangesien baie leraars nie daarvoor kans gesien het nie. Olson (2005:209) wys daarop dat hierdie ontwikkeling ’n nuwe tipe diaken tot gevolg gehad het. Wichern het maatskaplike welsyn as ’n vorm van evangelisasie verstaan en hy was ’n voorstander van “a mission of the church to a society” (Olson 2005:205, A. Noordegraaf 2009c:88). Volgens Olson (2005:209) strek die wortels van hierdie benadering terug na die Piëtisme van die vorige eeu. In 1848 het die *Wittenberg Kirchentag* Wichern se program aanvaar, ’n stap wat gelei het tot die stigting van die *Central Committee for Inner Mission of the German Evangelical Church* in 1849 (Olson 2005:209, Eurich 2015).

Talle institute en programme het in die loop van die 19de eeu in Duitsland ontstaan en die beweging het later oorgespoel na Nederland en Skandinawië. Tydens ’n konferensie wat in 2015 by Hugenote Kollege in Wellington gehou is, het prof.

Johannes Eurich aangetoon dat hierdie beweging ook die denke in Suider-Afrika beïnvloed het.[5] Tekens hiervan kan byvoorbeeld gesien word in die feit dat die Kaapse Sinode in 1915 'n *Algemeene Commissie voor Inwendige Zending* tot stand gebring het (NGKSA 1915:78), wat by die volgende Kaapse Sinode (1919) hernoem is tot *Algemeene Commissie vir Algemene Armesorg*.

3.2.6.5 Theodor Fliedner (1800 – 1864), 'n predikant van 'n klein gemeente in Kaiserwerth naby Dusseldorf, Duitsland het tydens 'n besoek aan die Nederlande bewus geword van die werk van die diakens en diakonesse in die Mennonietiese Kerk in Amsterdam. Dit het Fliedner geïnspireer om diakonale instellings tot stand te bring waar diakonesse en diakens opgelei is om op die sosio-ekonomiese, maar ook geestelike nood van mense te reageer. In 1836 het Fliedner en Adalbert van der Recke-Volmarstein (1791-1878) na aanleiding van 'n pamflet oor diakonesse wat laasgenoemde die vorige jaar gepuliseer het, diakonesse-huise in Düsseldorf, Duitsland, begin waar vroue as diakonesse opgelei kon word. Benewens die klem op beroepsopleiding, het Fliedner 'n visie gehad van 'n groep vrouesendelinge wat God se genade na siek mense, armes, verwaarloosde kinders en gevangenes kon neem (Van der Merwe 2014:176). Hierdie inisiatief het vinnig oor Europa versprei en diakonesse-huise het in talle lande ontstaan.

3.3 Samevatting

Uit bostaande bondige oorsig van die Bybelse gegewens ten opsigte van die diakenamp asook die ontwikkeling van die diakenamp in die kerk blyk dit dat die diakenamp van die begin af deur verskillende tydperke gegaan het waarin kontekstuele faktore telkens 'n sterk rol gespeel het in die wyse waarop beslag aan hierdie amp gegee is (AS 2013a:265). Christensen (2019:41) som hierdie situasie treffend op: "(I)in different periods, in different confessions and in different circumstances, diakonia has been understood and practised differently". In sy samevatting van die verhaal onderskei Van der Merwe (2014: 177-178) die volgende tydperke wat die lig- en skadukante van die verhaal duidelik laat blyk:

3.3.1 'n Bloeitydperk in die eerste drie eeue

[5] Eurich het verwys na navorsing wat gepubliseer onder die titel *The German Protestant Church in Colonial Southern Africa. The Impact of overseas Work from the Beginnings until the 1920s*. Die redaksie het bestaan uit Lessing, H., Besten, J., Dedering, T., Hohmann, C. en Kriel, L.

3.3.1.1 Vanaf haar onstaan was die versorging van armes en siekes ’n onderskeidende kenmerk van die kerk. Volgens Lukas het die gemeente in Jerusalem vroeg reeds mense aangewys om hierdie aksies te lei en te organiseer (Hand.6:1-6). Hoewel hulle nie diakens genoem is nie, het die kerk vanaf die tweede eeu al meer na hierdie persone as “die eerste diakens” begin verwys. Latvus verwys na hierdie ontwikkeling as “die klassieke pardigma” aangaande die diakenamp. Tog vind mens nêrens in die Bybel ’n duidelike omskrywing van die rol en funksie van die diaken nie.

3.3.1.2 Uit die geskrifte van die kerkvaders blyk dit dat die diaken in die vroeë kerk bepaalde funksies in die erediens vervul het, maar ook ’n ondersteunende rol ten opsigte van die biskop vertolk het. In sommige kontekste was die diaken gelykwaardig aan die ouderling en biskop geag en deel van die kerkleierskap, maar in ander kontekste is die diakenamp as ’n mindere amp gesien en dikwels as opleidingsfase en voorafgaande tot die ouderling- of biskopamp. Die funksie van die diaken is gaandeweg wyer gesien en naas barmhartigheidsdiens het dit liturgiese funksies asook onderrig en leerfunksies, of te wel kategese, behels.

3.3.1.3 Vroue was klaarblyklik van vroeg af betrokke in die diakonaat van die kerk en in die geskrifte is daar ook duidelike verwysings na ‘n “weduwee-aksie”.

3.3.2 ‘n Tydperk van institusionalisering (4 de tot 15 eeu)

3.3.2.1 Vanaf die einde van die 3de eeu na Christus het die rol van die diaken al meer in die rigting van ’n assistent vir die biskop geskuif. Dit het daartoe gelei dat die diaken enersyds ’n groter rol in die liturgie begin kry het en andersyds al meer deel van die kerklike hiërargie geword het. ’n Gevolg hiervan was dat die diakonaat van die kerk in die Middeleeue weggekwyn het (Collins 1990:9). Mettertyd het groepe gelowiges (kloosters) die diakonaat van die kerk oorgeneem.

3.3.3 Die Reformasie: ‘n tydperk van terugkeer na die klassieke barmhartigheids-bediening (16 de eeu)

3.3.3.1 Luther was oortuig daarvan dat die hervorming van die kerk meer behels as net die terugkeer na die besef dat God uit genade alleen die mens verlos en vrymaak van die sonde. Hy was daarvan oortuig dat die omgee en sorg vir die armes, siekes

en randfigure in die samelewing wat so kenmerkend van die eerste gemeente was, weer deel van kerk-wees moes word (Latvus 2017:82).

3.3.3.2 In sy Institusie het Calvyn die basis vir die herstel van die diakenamp in die reformerende kerk gelê. Hy, en ander tydgenote, was instrumenteel in die skryf van verskeie kerkordes waarin die barmhartigheids-bediening ’n sentrale deel van die diaken se werk uitgemaak het.

3.3.3.3 Ongelukkig kon die hervorming van die diakonaat en diakenamp nie vorder soos gehoop is nie. A. Noordegraaf (2009c:83) verwys na “skadukante” wat negatief of die proses ingewerk het. Een so ‘n skadukant is die spanning wat telkens tussen die diakonie van die kerk en die owerheid van die stad ontstaan en daartoe gelei het dat die diakonaat mettertyd verburgerlik het. Nog ‘n skadukant is die effek van institusionalisering in die kerk. In die verband merk A. Noordegraaf (2009c:83) op: “Die bijbelse gedachten van de gemeenschap rondom de avondsmaaltyd werd verduisterd door het patroon van rangen en standen “.

3.3.4 <u>’n Tyd van vrye diakonaat ontwikkel</u> (vanaf die 18 de eeu)

3.3.4.1 Die institusionalisering van die kerk – ‘n mens sou dit ook ’n ekklesiosentriese benadering kon noem – het na die Hervorming van die 16de eeu in die reformerende kerke voortgeduur. Dit het meegebring dat die kerk nie altyd sensitief was vir die nood van die gemeenskap waarin die kerk bestaan nie. Tog was daar groepe gelowiges wat deur die maatskaplike nood in hulle gemeenskappe aangegryp is en verskeie aksies het naas die kerke begin ontstaan.

3.3.4.2 In hierdie tyd is die eerste treë gegee ten opsigte van die opleiding en die professionalisering van die diaken (WRK 2022:75).

3.3.4.3 Hoewel hierdie diakonale bedieninge naas die kerk en derhalwe ook vry van die inmenging en institusionalisering van die kerk, eers in die 19de eeu begin ontwikkel het, strek die teologiese fundering daarvan daarvan terug na die Metodisme en Piëtisme wat reeds vanaf die 18de eeu ’n sterk verband gelê het tusen die evangelie en omgee vir die naaste nood.

3.3.5 <u>’n Tyd van vernuwing</u>

3.3.5.1 ’n Nuwe besinning oor die diakonaat van die kerk en die diakenamp het in die 20ste eeu ontstaan. In die volgende afdeling word hierdie diskoers meer breedvoering beskryf.

4. AFDELING 2: VERNUWING EN ONTWIKKELING VAN DIE DIAKONAAT

Hierdie afdeling behels ’n bondige samevatting van die vestiging en ontwikkeling van die term *diakonia* (diakonaat) in kerklike taal as noemer wat verwys na die kerk se betrokkenheid in die maatskaplike nood van die wêreld in die 20ste eeu. Verder gee hierdie afdeling ook ’n kort samevatting van die huidige ekumeniese diskoers oor die rol en funksie van die diakenamp.

4.1 *Diakonia* as toegespitste term vir barmhartigheidsdiens

4.1.1 Hierbo is reeds vermeld dat die woord *diakonia* generies in die Bybel gebruik word om na ’n verskeidenheid dienste of bedieninge te verwys. Die vraag is nou hoe dit gebeur het dat *diakonia* as tegniese term wat verwys na die kerk se diens van barmhartigheid of “caritative acts” (Latvus 2017:76) in kerktaal gevestig is.

4.1.2 Volgens Latvus (2017:84) het die gebruik van die term *diakonia* om te verwys na die karitatiewe funksie van die diaken[6], dit wil sê die versorging van die armes, die siekes en die minderbevoorregtes, posgevat tydens ’n werksessie oor die diakonaat wat op 12 tot 14 November 1856 in die destydse Monbijou Kasteel in Berlyn gehou is. Hierdie werksessie was deel van ’n nasionale konferensie oor die verhouding tussen die kerk en die staat wat deur koning Friedrich Wilhelm IV byeengeroep is. Tydens hierdie konferensie het professor Jacobi van Halle, Fliedner en Johann Wichern toesprake gelewer en telkens die woord *diakonia* gebruik om na die versorging van die armes, siekes en minderbevoorregtes te verwys. Die deelnemers aan die werksessie het geleidelik die woord begin gebruik en na die Monbijou konferensie het *diakonia* “a fixed concept for referring to ideas, theology and practical work among the poor” geword (Latvus 2017:84).

4.1.3 Die toespitsing van die woord *diakonia* om uitsluitlik te verwys na Christelike liefdesdiens kan volgens A. Noordegraaf (2009:11) en ander skrywers (Houtepen

[6] Latvus (2010:85 vv.) beskryf die vestiging van die versorgingsfunksie of sosiaal-karitiatiewe taak as kernfunksie van die diakenamp meer breedvoerig. Ter wille van ruimte word hierdie bespreking nie in hierdie verslag herhaal nie.

2005:373; Nordstokke 2011:43) toegeskryf word aan Wilhelm Brandt se studie oor die houding teenoor diens soos dit deur ’n reeks antieke Griekse woorde gedra word. Volgens hom beskryf die *diakon*-woordgroep ’n ander houding wat hy in verband bring met Jesus se voorbeeld aan die kerk as dienskneg in die gemeenskap. Brandt kom dan tot die gevolgtrekking dat *diakonia* uitsluitlik verwys na Christelike liefdesdiens.

4.1.4 A. Noordegraaf (2009:11) merk op dat H.W. Beyer in sy artikel oor die *diakon*-woordegroep in die *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament* wat in 1935 deur Kittel uitgegee is, sterk leun op Brandt se siening dat *diakonia* verwys na die Christelike liefdediens. Hierdie woordeboek is later ook in Engels uitgegee en het ’n standaardwerk in die teologie geword wat meegebring het dat die verstaan van *diakonia* as Christelike liefdesdiens wyd in die teologie en die kerk gevestig is. Collins (1990:6-8) bevestig hierdie siening.

4.1.5 In die NG Kerk is die gebruik van die term *diakonia,* of diakonaat, om te verwys na die kerk se betrokkenheid by die armes en mense in nood tot dusver nog nie algemeen in die NG Kerk gevestig nie en word die konsep “diens van barmhartigheid” steeds verkies.[7]

4.2 Die ontwikkeling van die konsep *diakonia* in die WRK

4.2.1 In die 20ste eeu het verskeie diskoerse ten opsigte van die betekenis van die *diakon*-woordgroep, die teologiese begronding van *diakonia*, asook die aard en praktyk daarvan in ekumeniese liggame, individuele kerke en akademiese instellings ontstaan. Hierdie diskoerse is rigtinggewend vir die besinning oor die rol en funksie van die diaken in die 21ste eeu en daarom word enkele aspekte hiervan kortliks by hierdie studie ingesluit.[8]

4.2.2 Latvus (2017:12) identifiseer drie golwe of pieke in “the quest of modern diakonia”. Volgens hom het die eerste golf reeds in die middel van die 19de eeu begin as respons op groot verskuiwings in Europa soos industrialisasie en verstedeliking wat

[7] Die voorkeur vir die term “diens van barmhartigheid” is sterk beïnvloed deur die volksteologie en die apartheidsideologie wat destyds die NG Kerk se denke oorheers het (sien bv. De Klerk 1990:4).

[8] ’n Diepgaande bespreking van hierdie diskoerse en hoe dit die diakonale teologie en praktyk van die NG Kerk kan informeer, behoort egter deurgaans op die agenda van die Algemene Sinode se Taakgroep: Missionale Diakonaat te wees.

toe vinnig begin ontwikkel het. In dié tyd het die vrye diakonaat en diakonale instellings soos die *Kaiserwerth Diakonia Institute* en die *Innere Mission* waarna reeds hierbo verwys is, ontstaan. Die tweede golf het in die 1960's ontstaan as gevolg van 'n groeiende bewussyn by individue en kerke van die behoeftes van die Derde Wêreld en die ongeregtigheid wat in soveel samelewings bestaan. Die huidige, of die derde golf fokus op die diakonale bediening van kerke en die vernuwing van die diakenamp. Die fokus van hierdie golf is die diakonale bediening van die kerk en meer spesifiek die permanente en "karitatiewe" amp van die diaken. In die paragrawe wat volg, word gefokus op spesifieke temas in die diskoerse sedert die sestigerjare van die vorige eeu – Latvus se tweede en derde golwe – soos dit in die Wêreldraad van Kerke (WRK) aan die orde gekom het.

4.2.3 In 'n refleksie oor die diskoers in die WRK aangaande *diakonia* en die diakonaat van die kerk wys Nordstokke (2014:286) daarop dat solidariteit met die armes van vroeg af 'n sentrale tema in die WRK was. Volgens hom het die eerste Algemene Sekretaris van die WRK, dr Willem A. Visser't Hooft, reeds met sy aanstelling verklaar dat geen gesonde ekumeniese verhouding kan bestaan sonder praktiese solidariteit nie. Vir Visser't Hooft was prediking (*kerugma*), 'n gemeenskap van mededeelsaamheid en eenheid (*koinonia*) en heling (*diakonia*) drie interafhanklike manifestasies van die sending of die apostolaat van die kerk (Robra 1994:278).

4.2.4 Sedert die begin van die 1960's was daar 'n reeks konsultasies in die WRK oor die diakonaat van die kerk. Ham (2015:44) onderskei drie fases of drie modelle in hierdie diskoers. Die eerste fase, wat Ham die welsynmodel (Eng. "charity model") noem, strek van voor die formele stigting van die WRK tot die begin van die 1980's.[9] Hierdie fase fokus op interkerklike hulpverlening en behels hoofsaaklik die oordrag van fondse vanaf die ryker kerke in die Noorde na die arm kerke in die Suide en die styl waarin dit gebeur het is grootliks vertikaal, dit wil sê van bo na onder. In hierdie tyd is *diakonia* verstaan as "the responsible service of the gospel by deeds and by words performed by Christians in response to the needs of people" (Ham 2015:44).

Die tweede fase of model is die wederkerige model (Eng. "reciprocity model") wat aanvanklik by die Lanarca Konsultasie[10] in 1986 aan die orde gestel is. Hierdie

[9] Die European Central Bereau for Inter-Church aid is reeds in 1922 in Zurich gestig.

[10] Die tema van hierdie konsultasie is: *Diakonia 2000: Called to be neighbours*.

konferensie was 'n kantelpunt in die diskoers oor *diakonia* aangesien die konferensie leiding geneem het

> (I)in dissociating the language of *diakonia* as charity and humble service, often expressed in terms of pietistic spirituality. Instead, it linked *diakonia* to the global challenges of poverty and injustice, to the radical analysis of their root causes, and to bold advocacy in defense of marginalized groups. In Lanarca, *diakonia* was defined as the active expression of Christian witness in response to the needs and challenges of the community in which Christians and the churches live (Nordstokke 2011:226).

Volgens Ham (2015:45) kan die eerste tekens van 'n duidelike paradigmaskuif by hierdie konsultasie waargeneem kan word. 'n Meer horisontale benadering tree na vore ten opsigte van die gesamentlike assessering van behoeftes en gepaste oplossings. Dit blyk duidelik uit die laaste paragraaf van die *Verklaring* van deur hierdie konferensie uitgereik is:

> As the third millennium A.D. approaches, we dedicate ourselves, from this day forward to work for justice and peace through our diakonia. We ccommit ourselves to implement a vision to indentify ourselves and to be in soldarity with the people who are now in the process of struggling for peace-based justice. Our diakonia now and in future must be based on mutual and genuine sharing (Poser 1987:125).

Die paradigmaskuif word duideliker by die volgende konsultasie wat in 1987 in El Escorial[11] gehou is. Hier het die skeiding tussen sending en diakonaat op die tafel gekom en verklaar hierdie konsultasie dat "(A)all activities of the Christian community in evangelism, diakonia, the struggle for human dignity, helaing, peace and justice belong together in the one mission of God" (Van Beek 1987:45).

Ham (2015:45) noem die derde fase of model die transformasie-model (Eng. "transformative model"). Hierdie fase ontwikkel aan die begin van die 21ste eeu en raak duidelik sigbaar by die Colombo Konferensie[12] van die WRK wat in 2012 plaasgevind het. In hierdie benadering is inklusiwiteit en integrasie sterk op die voorgrond. Dit is 'n van-onder-na-bo benadering waarin diegene aan die grense, diegene op die rand van die samelewing, in staat gestel word om deel te wees van die oplossing naamlik die transformasie van die samelewing.

---

[11] Die tema van hierdie konferensie is: Sharing Life in a World Community.

[12] Die tema van heirdie konferensie is: *Theological Perspectives on Diakonia in the Twenty-First Century*.

4.2.5 Die jongste dokument van die WRK getiteld *Called to Transformation: Ecumenical Diakonia (2022)* wat gesamentlik deur die WRK en nog ’n ekumeniese struktuur, *Action by Churches Together Alliance* (ACT Alliance) geskryf is, is ’n kulminasiepunt van die reis in die WRK om die konsep *diakonia* te herdefinieer. ’n Mens sou ook kon sê dat hierdie dokument ’n beskrywing van die teologie en praktyk van ekumeniese diakonaat is. In die dokument word dit egter duidelik gestel dat die dokument ook in die plaaslike kerk toepaslik is.

4.3 Herbesinning oor die betekenis van die *diakon*-woordgroep

4.3.1 Benewens die diskoers oor *diakonia* in die ekumeniese kerk, is dit ook nodig om kennis te neem van die diskoers oor die *diakon*-woordgroep. Die gesprek is in 1990 ingelui met die publikasie van John N. Collins se studie van die *diakon*-woordgroep getiteld *Diakonia: Reinterpreting the ancient sources*. In hierdie studie toon hy aan dat die klassieke verstaan van *diakonia* as nederige, lae-orde tafeldiens nie verantwoordbaar is nie (Van der Merwe 2014:181). Benewens die feit dat die *diakon*-woordgroep in die Bybel nie een kernbetekenis het nie, maar in ’n verskeidenheid kontekste gebruik word, soos hierbo reeds aangetoon is, merk Collins verder op dat die woord dikwels in ’n konteks van “om gesag te hê of namens iemand op te tree”, gebruik word. Derhalwe kom hy tot die gevolgtrekking dat die oorheersende gebruik van hierdie woordgroep eerder verwys na ’n gestuurde wat as tussenganger namens iemand optree soos in die geval van ’n diplomaat of ’n bemiddelaar (Collins 1990:335; Latvus 2010:84).

4.4 Ekumeniese gesprek aangaande die funksie van die diaken

4.4.1 Voordat die huidige ekumeniese gesprek ten opsigte van die diakenamp aan die orde gestel kan word, is dit eers nodig om te vra hoe dit gebeur het dat die versorging van die armes, of die maatskaplike welsyn van mense, die kernfunksie van die diakenamp in die gereformeerde kerke geword het? Die antwoord hierop kan by Calvyn gevind word (Latvus 2017:82). In die vierde boek van sy *Institusie* stel Calvyn dit onomwonde dat die versorging van die armes in die vroeë kerk aan die diakens opgedra is (*Institusie, IV, iii,9*). Volgens Calvyn is die Bybelse bewys hiervoor die verhaal in Hand.6:1-6.

4.4.2 Na aanleiding van Rom. 12: 8 het Calvyn twee “soorte” diakens onderskei. Die een groep wat hy die *procureurs* noem, moes die aalmoese, of te wel die finansies, beheer terwyl die ander groep, die *hospitaliers*, die versorging van die armes en siekes moes behartig (*Institusie IV,iii,9*; A. Noordegraaf 2009b:79; Van der Merwe 2014:173).

4.4.3 In sy refleksie oor *diakonia* en diakonaat in die WRK wys Nordtstokke (2014:287) daarop dat ’n mens sou verwag dat die gebruik van die woord *diakonia* wat vroeg reeds in WRK-gesprekke oor noodlening voorkom, ook ’n refleksie oor die diakonaat sou open.[13] Volgens hom dit nie gebeur nie aangesien die gesprekke oor *diakonia* telkens in die konteks van interkerklike hulpverlening plaasgevind het. Die gesprek oor die diakonaat, verwysend na die rol en funksie van die diaken, het volgens Nordstokke (2014:288) eers in 1964 op die agenda van die WRK gekom toe die *Commission on Faith and Order* ’n konsultasie hieroor by die Ekumeniese Instituut in Bossey, net buite Geneve, gereël het. Die volgende jaar, 1965, het die WRK nog ’n konsultasie gereël wat hierdie keer gefokus het op die amp van die diakones. Nordstokke (2014:290) wys daarop dat baie standpunte wat tydens die Bossey konsultasie aan die orde gekom het by hierdie konferensie herhaal is, hoewel dit telkens van toepassing gemaak is op die tradisie en rol van diakonesse in die onderskeie kerke. Hy wys dan verder daarop kom dat hoewel hierdie konferensie tot die slotsom gekom het dat die diakonesse-amp belangrik is vir die ekumeniese beweging, dit nooit regtig weer op die agenda van die WRK gekom het nie.

4.4.3 ’n Belangrike moment in die ekumeniese gesprek oor die rol en funksie van die diaken het in 1982 gekom tydens ’n vergadering van die *Faith and Order Commission* wat by Lima, Peru gehou is. By hierdie vergadering is die finale teks van die dokument *Baptism, Eucharist and Ministry* (die BEM dokument) goedgekeur. In par. 31 van die vierde hoofstuk wat spesifiek oor die bediening van die kerk handel word die rol en funksie van die diaken soos volg beskryf:

[13] In hierdie artikel onderskei die skrywer tussen die terme *diakonia* en “diakonaat” (Eng. “diaconate”). *Diakonia* word generies gebruik om na die bediening van die kerk te verwys terwyl diakonaat verwys na die werk van die diaken. Hierdie onderskeid word ook in ander bronne aangetref. In Afrikaans het dit egter gebruik geword om beide die Griekse woord *diakonia* asook die Engelse woord “diaconate” met diakonaat te vertaal. Dit het meegebring dat die onderskeid wat in die ekumeniese kerk tussen hierdie twee begrippe gemaak word, nie duidelik in Afrikaanse literatuur en kerktaal nav ore kom nie. In Afrikaans kan “diakonaat” verwys na sowel die bediening van die gemeente en die spesifieke taak van die diaken.

> Deacons represent to the Church it's calling as servant in the world. By struggling in Christ's name with the myriad needs of societies and persons, deacons exemplify the interdependence of worship and service in the Church's life. They exercise responsibility in the worship of the congregation: for example by reading the scriptures, preaching and leading the people in prayer. They help in the teaching of the congregation. They exercise a ministry of love with ithe community. They fulfil certain administrative tasks and may even be elected to responsibilities for governance (WRK 1982:24, sien ook Nordstokke 2014:292, Latvus 2017:14, H. Noordegraaff 2014:12).

Die belang van hierdie paragraaf lê daarin dat die BEM-dokument die resultaat is van jarelange konsultasies op soek na konsensus tussen die verskillende kerktradisies oor sake soos die Doop, die Nagmaal en die kerk se bediening. Hierdie paragraaf gee dus 'n breë konsensus hoe die verskillende kerktradisies die rol en funksie van die diaken sien. Aanvullend tot hierdie beskrywing word daar ook kommentaar gelewer (Commentary 31, WRK 1982:24). In hierdie kommentaar word kritiese vrae ten opsigte van die herstel van die diakenamp aan die orde gestel byvoorbeeld: wat onderskei diakenamp van ander ampte en bedieninge in die kerk? is die diakenamp hoegenaamd nog nodig? behoort diakens geordeen te word? Ongelukkig word hierdie vrae nie verder in die BEM dokument hanteer nie.

4.4.4 Nordstokke (2014:298) wys daarop dat in die jare na Lima gesprekke oor *diakonia* asook die rol en funksie van die diaken nie sterk op WRK agendas funksioneer nie. In sy bespiegeling oor die rede hiervoor merk hy op dat een moontlikheid die struktuur van die WRK mag wees. *Diakonia* is op die agenda van die department vir interkerklike hulpverlening en die gesprek oor die diakenamp op die agenda van *Faith and Order*. Die situasie het egter grootliks by die WRK vergadering wat in 2013 in Busan[14] gehou is, verander.

4.5 Samevatting: die ontwikkeling van diakonale teologie en beleid

4.5.1 Benewens die ekumeniese gesprekke, het kerke in die afgelope dekades interne prosesse om diakonale teologie en praktyk te ontwikkel, van stapel gestuur. In die volgende paragrawe word enkele voorbeelde kortliks bespreek.

4.5.2 Lutheran World Federation

[14] Die tema van hierdie konferensie was *The Church towards a common vision.*

4.5.2.1 Aan die begin van die 2000's het die Lutherse Kerk 'n konsultasieproses begin wat ten doel gehad het om 'n platform te skep waar die verskillende streke van die Lutherse Kerk kan deel hoe hulle oor *diakonia* dink en dit beoefen (Nordstokke 2009:8). Hierdie proses het gelei tot die publikasie *Diakonia in Context: Transformation, Reconciliation, Empowerment* wat in 2009 deur die *Lutheran World Federation* uitgegee is.

4.5.2.2 Hierdie publikasie bestaan uit drie dele: die konteks van *diakonia*, die identiteit van *diakonia* en die aksie, of praktyk, van *diakonia*. Elke afdeling is onderverdeel in subafdelings wat elkeen oor 'n spesifieke aspek van die hooftema handel. In die derde afdeling wat oor die praktyk van *diakonia handel*, verskyn 'n subafdeling wat die "diaconal actors" beskryf (Nordstokke 2009:66-74). Drie groepe "akteurs" word bespreek te wete vrywilligers (gelowiges), professionele persone en die ordes van diakens en diakonesse.

4.5.2.3 Die Europa-streek van die Lutherse Kerk het in 2011 'n verdere proses begin wat fokus op diakonaat binne die spesifieke konteks van Europa. 'n Werkgroep, die "Solidarty Group" bestaande uit kundiges en professionele persone wat in plaaslike diakonale projekte in die drie Europese substreke betrokke is, het oor 'n tydperk van ses jaar aan die tema *Seeking Conviviality – Re-forming Community Diaconia in Europe* gewerk. Die mikpunt was dat "the process will influence diaconal developments and create a lasting contribution to the reformation Anniversary in 2017" (Addy 2014:4).

4.5.2.4 Die projek het in twee fases verloop. Die eerste fase het gestrek van 2011 tot 2014 en die dokument waarna hierbo verwys is, is die resultaat van hierdie fase. Die dokument bestaan uit drie dele. In die eerste deel word die Europese Konteks aan die hand van vier uitdagings bespreek. Die tweede deel handel oor diakonale teologie en temas soos roeping, "conviviality", geregtigheid en menswaardigheid word bespreek. Die derde deel fokus op diakonale praktyk en 'n aantal prosesse wat betrekking het op die hervorming van gemeenskapsdiakonaat word bespreek.

4.5.2.5 Na die aanvanklike fase het 'n tweede fase wat meer op programontwikkeling gefokus het, gevolg. Die fase het van 2014 – 2017 gestrek en drie temas het aandag gekry: "conviviality in practice", "convivial economy" en "convivial theology" (Addy 2017:3). Aan die einde is 'n evaluering van die proses gedoen en

die resultate hiervan is gepubliseer met die titel *Seeking Convivality – Re-forming Community Diakonia in Europe. Evaluation and Commentary form the European Solidarity Group*.

4.5.3 Church of Scotland

4.5.3.1 In 2018 het die *Church of Scotland* hulle nuwe visie vir die diakonaat bekend gestel onder die titel *Deacons of Word and Service*. Volgens hierdie dokument is daar al in 1645 in die Algemene Vergadering van die Kerk van Skotland melding gemaak van die rol van diakens. In 1888 het hierdie kerk 'n diakonesse-orde goedgekeur wat daarvoor voorsiening gemaak het dat vroue opgelei kan word vir hierdie dienswerk. In 1987 is leke-sendelinge by die diakonaat ingelyf en het mans ook begin deel word van hierdie orde. In 1992 is die diakens opgeneem in die kerkvergaderings en vanaf 2002 word diakens in die Kerk van Skotland georden. Die oogmerk van van hierdie (nuwe) visie is om daardeur 'n hernude en besielde ("renewed and invigorated" 2018:1) diakonale bediening te ontwikkel wat hulle noem "ministry of Word and Service" (2018:1).

4.5.3.2 Volgens die dokument (2018:3) is die rasionaal waarom *Woord en Diens* gekies word om na die diakonale bediening te verwys, die volgende: In die Kerk van Skotland is daar twee bane vir geordende bedienaars naamlik die bediening van die Woord en Sakramente en die Diakonale bediening. Om aan te sluit by die Bediening van Woord en Sakrament word die nuwe konsep *Bediening van Woord en Diens* ingevoer.

4.5.3.3 Die dokument dui duidelik aan die teologiese begronding van die diakonale roeping geleë is in Jesus se woorde in Markus 10:45: "Want die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie" (Direkte Afrikaanse Vertaling 2020). Wat egter opval is dat die dokument ook baie sterk leun op die nuwer interpretasie van die Griekse woord *diakonos* wat eerder die woord verstaan as segsman, tussenganger, ambassadeur, mediator, kommissaris, afgevaardige, koerier. Die diaken is hiervolgens 'n gemagtigde agent van die kerk om in elke konteks namens die kerk, en per implikasie dan namens Jesus Christus, op te tree (2018:4).

4.5.3.4 In hierdie beleidsdokument beskryf die Skotse kerk die opdrag van die diakonaat met vyf beelde, wat ook as vyf rolle vir die diaken verstaan kan word naamlik:

- Diaken as apostel
- Diaken as dienskneg
- Diaken as brug
- Diaken as profeet
- Diaken as medewerker (“collaborator”)

AFDELING 3: DISKOERS IN DIE NG KERK AANGAANDE DIE DIAKENAMP

5.1 Hierdie afdeling gee ’n vlugtige oorsig oor die gesprekke ten opsigte van die diakenamp in die Algemene Sinode van die NG Kerk sedert die stigting van hierdie kerkverband in 1962. Vier aspekte rakende die rol en funksie van die diaken in die NG Kerk het die afgelope ses dekades aan die orde gekom.

5.2 Is die diaken deel van die meerdere kerkvergaderings?

5.2.1 In die Kerkorde van die NG Kerk wat deur die eerste Algemene Sinode (AS 1962b:285-299) goedgekeur is, word die rol en funksie van die diaken soos volg in Artikel 17 beskryf:

> Tot die amp van die diaken behoort:
> 17.1 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het;
> 17.2 die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is;
> 17.3 die organisering en/of insameling van die liefdegawes vir instandhouding van die erediens.

5.2.2 Strauss (2014:824) wys daarop dat hierdie formulering grootliks op die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht (1618 – 1619) geskoei is. Artikel 25 van die Dordtse Kerkorde omskryf die taak van die diaken as die insameling van die gawes en die uitdeling daarvan aan arm gemeentelede asook vreemdelinge, die besoek van mense wat in “sorgvolle omstandighede” leef en verantwoording aan die kerkraad. Volgens hierdie Kerkorde bestaan die kerkraad uit die bedienaars van die Woord en die ouderlinge terwyl die diakens in ’n afsonderlike struktuur georganiseer word (A. Noordegraaf 2009:82). [15]

[15] Sien ook die artikel van A.D. Pont waarin hy die roete beskryf vanaf die Dordtse Kerkorde tot die Kerkordes van die drie Afrikaanse kerke.

5.2.3 Dit is insiggewend dat die eerste Algemene Sinode (1962) ’n opdrag aan die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van die Algemene Sinode (AKDB) gee om in oorleg met die Algemene Regskommissie (ARK) “’n studie te onderneem oor die herstel van die diakenamp en die volgende Algemene Sinode van advies in hierdie verband te bedien” (AS 1962a:262). Hierdie besluit is geneem na aanleiding van ’n versoek van die Federale Raad vir die Diens van Barmhartigheid[16] dat die Algemene Sinode ’n memorandum wat deur prof. H.D.A. du Toit geskryf is, vir bestudering op hulle agenda neem. Hierdie memorandum na aanleiding van ’n versoek vanaf die Federale Raad dat prof. Du Toit hulle adviseer oor “die vraag of diakens nie op meedere vergaderings (Ringe en Sinodes) sitting moet neem nie – as sou dit dan net wees wanneer sake rakende die Diens van Barmhartigheid bespreek word” (AS 1962a:139). In die memorandum bespreek prof. Du Toit Calvyn se siening van die diakenamp asook die siening van die Dordtse Sinode (1618-1619) wat grootliks rus op Calvyn se verstaan van die diakenamp. Prof. Du Toit beveel aan diakens wel in meerdere vergaderinge toegelaat moet word wanneer diakonale sake ter sprake kom en dat hulle ’n keurstem ten opsigte van sodanige sake behoort te hê (AS 1962a:139). Aan die einde van die advies sê prof. Du Toit: “Ek meen dat dit veel daartoe sal bydra om die diakonaat in ere herstel te bring en die hoof sal bied teen die dinamiek van die snel ontwikkelende maatskaplike vraagstukke” (AS 1962a:142).

5.2.4 Op voorstel van die Tydelike Regskommissie (TRK) (AS 1962a:187) besluit die Algemene Sinode dat “dit sinodes vrystaan om aan diakens sitting op die sinode te verleen, met adviserende stem, indien hulle daartoe besluit” (AS 1962b :262).

5.2.5 By die volgende Algemene Sinode in 1966 het die AKDB gerapporteer dat begin is met ’n omvattende studie oor die *Diens van Barmhartigheid in die lig van die Skrif*. Die studie behels temas soos: wat is diens van barmhartigheid, die diensbegrip in die Nuwe Testament, die kerk en die ampte wat fokus op die diakenamp en die amp van die gelowige, die kerk en samelewingsverbande en praktiese implikasies. Vanweë die omvang van hierdie taak was die studie egter nog nie voltooi nie en kon die Kommissie derhalwe nie ‘n volledige verslag aan die Algemene Sinode voorlê nie.

[16] Die Federale Raad vir Armsorg het in 1937 tot stand gekom en het bestaan uit verteenwoordigers van Armsorgkommissies van die vier NG Kerke: NG Kerk in Suid-Afrika, NG Kerk Oranje-Vrstaat, NG Kerk Natal en NG Kerk Transvaal. Die Raad het in 1957 hulle naam verander na die Federale Raad vir Diens van Barmhartigheid. Met die stigting van die Algemene Sinode het hierdie Raad ontbind.

5.2.6 In hulle verslag aan dieselfde Algemene Sinode rapporteer die Algemene Regskomissie (ARK) dat hulle ’n studiestuk van die AKDB ontvang het, maar aangesien dit hulle baie laat bereik het, kon die ARK dit nie deurwerk nie en gevolglik kan hulle ook nie daarop kommentaar lewer nie. Die ARK rapporteer verder dat hulle ’n eie studiestuk opgestel het met die titel *Die Herstel van die Diakenamp* wat hulle aan die Algemene Sinode voorlê vir bespreking (AS 1966a:66).

5.2.7 In hierdie verslag argumenteer die ARK dat die ontwikkeling van “die welsynstaat” meegebring het dat maatskaplike sorg en welsynsdienste al meer deur die staat gelewer word. Die gevolg hiervan is dat die werk van die diaken oënskynlik meer en meer afgeneem het wat die vraag in talle kerke laat ontstaan het hoe die diakenamp herstel kan word gegewe die konteks van die moderne welsynstaat. Die verslag neem sterk standpunt in teen die gedagte dat die diakenamp gelykwaardig is aan die ampte van die leraar en ouderling en derhalwe deel van meerdere vergaderings behoort te wees. Die Regskommissie volstaan met die “klassieke” siening dat die diakenamp die “praktiese amp van diensbetoon” is wat net in die plaaslike gemeente funksioneer. Hierteenoor het meerdere vergaderinge hoofssaklik te make met “regering en diens van die Woord”, ’n funksie wat in die eerste instansie by die leraar en ouderling tuishoort. In hierdie argument maak die ARK dus ’n skeiding tussen praktyk en teologie (ekklesiologie).

5.2.8 Die ARK argumenteer dan verder dat die agteruitgang van die diakenamp nie toegeskryf kan word aan die opkoms van die welsynstaat of die feit dat diakens van die meerdere vergaderings van die kerk uitgesluit word nie. Dit moet veel aan eerder gewyt word aan die feit dat die taak van die diaken “met die loop van jare eensydig en beperkend gesien is as die blote uitdeling van die aalmoese aan nooddruftiges”. Daarom stel die ARK voor dat die insameling en organisering van die stoflike middele vir die diens van die Woord meer prominent deel van die diaken se ampstaak word. Hul argument is dat die *Woord* (verwysend na die prediking en die erediens) die sonde wat verantwoordelik is vir gebrek en armoede, maatskaplike wantoestande, ensovoorts, kan bestry. Voorkoming is immers eie aan die diens van barmhartigheid.

5.2.9 Verdere voorstelle vir die herstel van die diakenamp behels dat gegewe die groeiende industrialisasie, die diaken moet toesien dat die arbeider nie minderwaardig voel en eenkant geskuif word, maar volwaardig ingeskakel word

by die gemeente (na aanleiding van die opdrag aan die sewe mans in Hand. 6:3 om na die behoeftes van die Grieksprekende weduwees om te sien). Hiermee saam moet die diaken ook verantwoordelikheid neem vir die voorsiening van middele om voldoende inrigtingsorg en maatskaplike dienste te voorsien en aan "individuele gevalle in die gemeente die hand uit te reik". Ten einde hierdie taakomskrywing uit te voer, beklemtoon die ARK dat die diakens gereeld afsonderlik vergader om te beplan en skoling te ontvang en stel hulle ook voor dat 'n geskikte handleiding vir diakens in gebruik geneem moet word.

5.2.10 Na aanleiding van hierdie verslag besluit die Algemene Sinode om kennis te neem van die studiestuk van die ARK en dit na die ARK en AKDB te verwys om 'n gesamentlike verslag aan die Algemene Sinode voor te lê. Die vergadering besluit verder dat die ARK hierin die leiding sal neem (AS 1966b:506)

5.2.11 Ten opsigte van die gesamentlike verslag oor die herstel van die diakenamp rapporteer die AKDB aan die Algemene Sinode wat in 1970 vergader het dat hulle twee studiestukke aan die ARK gestuur het: *Wat is Diens van Barmhartigheid* en *Die Kerk en die ampte*. Die ARK rapporteer dat hulle volstaan met die studiestuk *Die Herstel van die Diakenamp* wat hulle reeds in 1966 aan die Algemene Sinode voorgelê het. Hierop besluit die Algemene Sinode om met dank en waardering kennis te neem van die genoemde verslag (verwysend na ARK se verslag), maar om met die oog op die uitbouing daarvan die verslag weer na die AKDB te verwys (AS 1970b:775). In verslae aan opvolgende Algemene Sinodes rapporteer die AKDB aangaande verskeie aksies wat daarop gemik is om die rol en funksie van die diaken in die kerk uit te bou deur ondere andere diakonale konferensies en 'n reeks publikasies aangaande die diaken se rol en funksie in die kerk asook ten opsigte van spesifieke maatskaplike vraagstukke.

5.2.12 Dit is opvallend dat die gesprek oor die sittingsreg van die diaken in meerdere vergaderings in die hieropvolgende tydperk (1974 – 1982) voortgaan, maar nou verskuif van 'n kerkregtelike debat na 'n debat oor ampsteologie. In 1974 rapporteer die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie dat die Skriba van die Algemene Sinode 'n vraag van die Sinode van die NG Kerk Midde-Afrika na hulle verwys het. Die vraag is "of op grond van Art 30 van die NGB diakens nie ook op meerdere vergaderings volledige settingsreg behoort te hê nie, omdat hulle ook op die Kerkraad regeermag besit, en ook ondere andere omdat hulle belang het by die verdeling van fondse" (AS1974a:107). Die Kommissie dui verder

aan dat hulle reeds drie studieverslae in dié verband ontvang het, maar nog nie gereed is om die Algemene te adviseer nie en gevolglik versoek dat die opdrag van die Breë Moderatuur herhaal word. Die Algemene Sinode keur die versoek goed (AS 1974b:575).

5.2.13 In 1978 rapporteer AKLAS aan die Algemene Sinode dat twee studiestukke ten opsigte van die diaken en meerdere vergaderinge ontvang is. In die lig daarvan dat die twee studiestukke verskillende standpunte verteenwoordig, bring die kommissie beide rapporte voor die sinode sodat die sinode self 'n besluit kan neem ten opsigte van die twee rapporte (AS 1978a:218). Die navorser het geoordeel dat 'n bespreking van die argumente van die twee verslae buite die bestek van hierdie studie val en gevolglik word die argumente nie verder bespreek nie. Die aanbevelings van AKLAS aan die Algemene Sinode bevat egter 'n opsomming van die argumente en daarom word die twee aanbevelings volledig aangehaal. In aansluiting by die eerste verslag maak die Kommissie die volgende aanbeveling:

> Hoewel u kommmissie besef dat hierdie historiese geworde toedrag met groter omsigtheid hanteer moet word, wil hy tog ter oorweging gee:
>
> 1. dat die diakonie in 'n tyd soos hierdie, streng ooreenkomsig die eise van die Heilige Skrif ingerig moet word en funksioneer;
> 2. dat die praktyk om diakens sitting in die Kerkraad (en dus per implikasie regeermag aan hulle te verleen) gevolglik in ooreenstemming met die lering van die Skrif behoort gebring te word, en dat reg van sitting aan hulle op 'n ad hoc-basis slegs as tydelike reëlings gegee kan word, solank as die aantal ouderlinge heel klein is;
> 3. dat genoemde pratyk dus ook geen grond kan wees vir die verlening van sittingsreg aan diakens in meerdere vergaderings nie. Op dié vergaderings mag alleen diegene aan wie die Skrif regeermag toegeken, te wete die ouderling, sitting neem – die beginsel was ook deurslaggewend by die formulering van die artikels 30, 33 en 38 van die *Kerkorde van die Ned Geref Kerk*;
> 4. dat daar ooreenkomstig die beproefde gebruik, volgens artikels 25 en 40 van die *Nederlandse Kerkorde*, plaaslike diakonale vergaderings sal wees, verkieslik onder voorsitterskap van die leraar, en dat hulle besluite en arbeid steeds aan die Kerkraad ter goedkeuring voorgelê word;
> 5. dat, met die oog op noodsaaklike koördinasie en uitbouing van die diens van barmhartigheid, daar ook op Rings- en Sinodale vlak diakonale vergaderings gehou word, liefs gelyktydig met die Rings- en Sinodale vergadering, ten einde meteen die nodige goedkeuring vir die besluite erlang;

6. dat die gevolglike nodige wysiginge in die Kerkorde aangebring word; dat die tweede sin van art. 3 geskrap en vervang word deur die woorde: elke besondere amp het ‘n waardigheid en gelykheid wat eie aan hom is; dat die woorde: “en diaken” in art. 9.5 geskrap word; art. 27 sal lui: die Kerkraad uit die bedienaars van die Woord en die ouderlinge (AS 1978a:218,219).

Wat die tweede verslag aanbetref lui die aanbeveling van AKLAS:

Die voorafgaande ondersoek het aangetoon dat daar nóg vanuit die Skrif en geskiedenis, nóg vanuit die amp self, prinsipiële besware kan bestaan teen die teenwoordigheid van die diaken in meerdere kerkvergaderinge – indien die situasie dit sou vereis (AS 1978a:219).

In die lig van hierdie botsende beginselstandpunte besluit die Algemene Sinode om die *status quo* te handhaaf en dra hulle dit opnuut aan AKLAS op om die hele aangeleentheid verder te bestudeer en verslag te doen aan die volgende sinode (AS 1978b:835).

5.2.14 By die volgende Algemene Sinode (1982) rapporteer AKLAS dat hulle kennis geneem het van die twee studiestukke wat by die Algemene Sinode in 1978 gedien het en in aansluiting daarby ’n aantal stellings wil maak. Aan die einde van studiestuk kom AKLAS dan tot die volgende gevolgtrekking:

Dat daar geen Skriftuurlike of ander prinsipiële oorweging is wat die Algemene Sinode in die weg staan om te besluit dat die diaken lid van die meeerdere vergadering mag wees nie. Die praktiese rolvervulling van die diaken en ouderling in die NG Kerk neig om die verskille tussen die amp van ouderling en diaken, toennemend te nivelleer (AS 1982a:517).

In die lig hiervan beveel die Kommissie dan tog aan dat die Sinode nie hierdie weg moet volg nie, dws. om sittingsreg aan die diaken in meerdere vergadering te verleen nie, maar dit eerder

aan AKLAS op te dra om ’n indringende studie te maak van die kerkregtelike stukturering en praktiese funksionering van die ouderling- en diakenamp in die NG Kerk en in die lig van die bevindinge die Algemene Sinode met aanbevelings te dien. AKLAS moet in hierdie studie ten nouste saamwerk met die Algemene Regskommissie, AKDB en AKAE. (AS1982a:461).

5.2.15 By dieselfde Algemene Sinode (1982) het AKLAS na aanleiding van ’n studiestuk oor die toelating van die vrou in die diakenamp aanbeveel dat:

> (D)die Algemene Sinode hom vereenselwig met die standpunt wat op grond van die huidige stand van verantwoordelike Skrifverklaring oortuig is dat daar geen prinsipeel-teologiese bewaaar teen die toelating van die vrou tot die amp van diaken in die NG Kerk bestaan nie, en stel gevolglik die amp van die diaken vir die vrou oop om daarin volgens haar spesifieke Skeppingsmatige aard te dien (AS 1982a:461).

Die Algemene Sinode het beide aanbevelings goedgekeur en versoek dat hierdie twee aangeleenthede verder gesamentlike aandag verdien AS 1982b:1248).

5.2.16 In 1986 bring AKLAS ter uitvoering van die opdrag van die vorige Algemene Sinode (1982) nog ’n studiestuk insake die sittingsreg van die diaken in meerdere vergaderings na die Algemene Sinode. Tereg wys AKLAS in hierdie studiestuk daarop “dat die kardinale vraag is of die diaken regtens lid van die kerkraad is en dus deel het aan die kerkregering, en ook sittingsreg in meerdere vergaderinge het” (AS 1986a:118). Volgens die studiestuk het die Kommissie die vorige verslae wat in 1978 en 1982 voor die Algemene Sinode gedien het asook verslae en voorleggings van sinodes, die AKDB, die AKAE, die ARK en ander kundiges in ag geneem. Aan die einde van hierdie studiestuk som AKLAS hulle argument in nege stellings op. In hierdie stellings kom die Kommissie tot die gevolgtrekking dat die diaken prinsipieel ook deel het aan die regering van die kerk in die kerkraad en meerdere vergaderings. Verder wys AKLAS daarop dat die verskil in ampsopdrag tussen diaken en ouderling in die Kerkorde en praktyk sterk genivelleer word aangesien diakens soms ouderlingswerk doen en ook andersom. Op grond van hierdie verslag keur die Algemene Sinode die aanbeveling van AKLAS dat diakens volle lede van die kerkraad is en dat diakens prisipieel ook na meerdere vergaderinge afgevaardig kan word, goed (AS 1986b:713).

5.3 Is die finansiële instandhouding van die erediens ’n taak van die diaken?

5.3.1 By die volgende Algemene Sinode, in 1990, vind daar weer ’n gesprek oor die funksies van die diakenamp in die Algemene Sinode plaas. Die saak waaroor dit nou gaan is Art.17.3 van die Kerkorde wat bepaal dat die diaken ook verantwoordelik is vir die finansiële instandhouding van die erediens. Op aanbeveling van die Algemene

Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) besluit die Algemene Sinode (AS 1990b:667) soos volg ten opsigte van Artikel 17.3 van die Kerkorde van die NG Kerk:

> Die Algemene Sinode besluit dat die diakenamp nie na sy Skriftuurlike inhoud en praktyk herstel sal kan word so lank hy na luid van Artikel 17.3 in die praktyk verantwoordelik is vir die finansiële "instandhouding van die erediens" nie, en vervang Artikel 17.3 met "die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente".

5.3.2 Uit hierdie aanbeveling blyk dit duidelik dat die AKDB van mening is dat die taak van die opdrag van die diaken slegs op die barmhartigheidsbediening van die kerk gerig moet wees en nie die finansiële instandhouding van die erediens kan insluit nie. Hierdie siening word verder gevoer met nog 'n aanbeveling van die AKDB wat teruggryp na die model van die Dordtse Kerkorde (1618) vir die funksionering van die diaken in die gemeente:

> Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om aan die hand van die Dordtse Kerkorde (Artikels, 25, 26 en 40) 'n riglyn vir die gemeentes oor die diakonie-organisasie (soos die diakonie-vergaderings, diakonie-fondse, aparte diakonie-boekhouding, diakonie-verantwoording aan die kerkraad, diakonie –aandeel in die gemeentelike sowel as die kerkverband se georgansieerde dienste van barmhartigheid) uit te werk en aan die volgende Algemene Sinode voor te lê (AS 1990a:339).

5.3.3 Ten opsigte van die wysiging van Art 17:3 huldig die Tydelike Regskommissie (TRK) egter 'n ander mening en derhalwe beveel hierdie kommissie aan dat die Algemene Sinode 'n tweede besluit neem:

> Die AS besluit dat aangesien die wysiging van Artikel 17.3 slegs die omskrywing van die finansiële instandhouding van die erediens as behorende tot die amp van die diaken behels, dit nie die summiere ontheffing van die diakonieë van die geykte taak van die diakens om verantwoordelik te wees vir die finansiële instandhouding van die erediens, beteken nie (AS 1990a:667).

Hierdie formulering bevestig die Regskommissie se siening soos verwoord in die verslag van 1966 naamlik dat die diakenamp verantwoordelik is vir die finansiële instandhouding van die erediens. Daarom beveel die TRK verder aan:

> Die AKDB en AKLAS moet die Algemene Sinode in 1994 met advies bedien waarvolgens die finansiële instandhouding van die gemeente en erediens as opdrag en verantwoordelikheid van die kerkraad volgens ‘n doeltreffende organisasie binne die kerkstrukture in die gemeente nagekom kan word (AS 1990a:668).

5.3.4 In hulle verslag aan die Algemene Sinode van 1994 rapporteer AKLAS (AS 1994a:72) dat daar in oorleg met die AKDB ooreengekom is dat laasgenoemde kommissie oor hierdie saak aan die sinode verslag doen. In die verslag van die AKDB aan die Algemene Sinode is daar egter geen verwysing na hierdie aangeleentheid nie en klaarblyklik het die item van die agenda verdwyn.

5.4 Die verbreding van die taak van die diaken

5.4.1 Die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (AKAE) het aan die Algemene Sinode van 1990 gerapporteer dat die ARK hulle versoek het om voorstelle te maak in verband met Artikels 9 en 16 van die Kerkorde. Hierdie versoek het gespruit uit ’n opdrag van die Algemene Sinode van 1986 aan die Regskommissie om opnuut aandag te gee aan die formulering van Artikel 9 (taakomskrywing van die leraar), Artikel 16 (pligte van ouderlinge) en Artikel 17 (pligte van diaken) (AS1986b:699). Na aanleiding van hierdie versoek van die ARK beveel die AKAE aan dat genoemde artikels hersien word “aangesien nuwe navorsing aangaande die Bybelse fundering van die besondere ampte en die driedeling daarvan asook nuwe perspektiewe op kerkwees, verdere besinning oor die ampsbediening van die ouderling en diaken noodsaak” (AS 1990a:391). Die Algemene Sinode aanvaar hierdie aanbeveling en gee die opdrag aan die AKAE (later die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening) met die versoek dat die AKDB betrek word by die gesprek oor artikel 17 wat oor die diakenamp handel (AS1990b:704).

5.4.2 In hulle verslag aan die Algemene Sinode van 1994 rapporteer die Algemene Kommmissie vir Gemeentebediening (AKG) breedvoerig oor ’n nuwe benadering tot die amp en ampswerk. Die hermeneutiese vertrekpunt wat in hierdie studie gevolg is, aanvaar dat die Bybel basiese beginsels gee waarvolgends die kerk ingerig behoort te word, maar nie ’n vaste bloudruk gee wat vir alle tye geld nie (AS 1994a:275). Verder wys die Kommissie daarop dat daar ’n hele aantal sake is wat die gesprek oor die amp kompliseer byvoorbeeld dat verskillende betekenisse aan bepaalde begrippe geheg word en daar verskillende verwagtinge in die kerk heers ten opsigte van die

ampte. Daarom is dit nodig dat “die kerk en teologie voortdurend krities besig sal wees met sy eie opvatting oor die amp en die wyse waarop dit in die praktyk funksioneer” (AS 1994a:277). Nadat die Kommissie ’n aantal Bybels-teologiese riglyne vir die verstaan van ampsdiens gegee het en ’n aantal opmerkings oor die verskeidenheid van gawes en dienste in die kerk asook die aard van kerklike ampsdiens gemaak het, gee die Kommissie ’n aantal praktiese riglyne vir diens en ampsdiens. Ten opsigte van die diakenamp bevind die Kommissie dat daar in ’n gemeente wyksdiakens kan wees, maar ook diensdiakens wat vir ’n spesifieke vorm van diens van barmhartigheid aangewys word (AS 1994a:280).

Na aanleiding van hierdie verslag besluit die Algemene Sinode om die opdrag, naamlik om art.9, 16 en 17 van die Kerkorde te hersien (1990), aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening te herhaal wat dit in noue samewerking met die Algemene Regskommissie en Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid moet afhandel (AS 1994b:488)

5.4.3 Op hul beurt rapporteer die AKDB dat hulle gevorder het met die opdrag van die vorige sinode (1990) om ’n riglyn vir gemeentes oor die diakonie-organisasie uit te werk. Hulle het ook kennis geneem van ander kommissies van die Algemene Sinode wat studies ten opsigte van die funksionering van die ampte onderneem, ondere andere die AKG se omvattende studie (eksegeties en prakties-teologies) ampsfunksionering in die NG kerk. In die lig hiervan beveel die AKDB aan dat die Algemene Sinode ’n ad hoc-kommissie benoem om die studie oor die herstel van die diakenamp verder te voer en so gou moontlik aan die ASK verslag te lewer (AS1994a:269). Hierdie versoek is deur die Algemene Sinode goedgekeur (AS 1994b:476).

5.4.4 In 1998 bring die Kommissie ’n studiestuk getiteld *Ondersoek na ‘n Nuwe Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk* asook ’n verslag *Herformulering van artikels 9, 16 en 17 van die Kerkorde* na die Algemene Sinode. Na aanleiding van die eerste verslag het die Kommissie twaalf aanbevelings voorgelê (AS 1998a:211). Vir die doeleindes van hierdie studie word na slegs drie aanbevelings verwys. Die eerste twee aanbevelings is generies van aard naamlik:

1. Die Algemene Sinode herbevestig dat die bestaande drie bedieninge van bedienaar van die Woord, ouderliing en diaken, ’n Skriftuurlike-verantwoorde gestaltegewing van die Nuwe Testamentiese ampsbeskouing is.
2. Die Algemene Sinode aanvaar dat daar in beginsel vanuit die Skrif geen beswaar teen die verbreding van die inhoud van die bestaande ampte bestaan nie.

5.4.5 Ten opsigte van die diakenamp beveel die Kommissie aan dat die fokus van die diakenamp op meer praktiese vorms van dienswerk in die gemeente val. Die Algemene Sinode het hierdie aanbeveling aanvaar en ’n opdrag aan die AKG gegee om in samewerking met die AKDB aandag te gee aan die moontlike verbreding van die diakenamp indien dit met die oog op eietydse bedieningsvereistes wenslik blyk te wees (AS 1998b:435). Dit is opvallend dat die Algemene Sinode die besluite ten opsigte van die verbreding van die ouderling- en diakenamp as van “spoedeisende belang” beskou en daarom ’n addisionele besluit neem om die AKG in samewerking met die AKDB te versoek om hierdie opdragte so gou moontlik uit te voer met verslag aan die ASK vir implementering (AS 1998b:435).

5.4.6 Die aanbeveling oor die fokus van die diakenamp is in die Algemene Sinode van 1998 geïmplementeer deur die volgende wysigings wat aan Art. 17 wat oor die taak van die diaken handel, aan te bring:

- ’n inleidende sin wat lees “Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk en omvat …” (Artikel 17.1) is aan die begin van die artikel ingevoeg.
- Verder, ook na aanleiding van genoemde studie en aanbevelings oor die taakomskrywings van die ampte, is ’n vierde “taak” tot die 1990-weergawe van die take van ’n diaken bygevoeg naamlik “ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1”.
- ’n Nuwe Artikel 17.2 wat lees: “Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 17.1.1 tot 17.1.4 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken” is ook bygevoeg (AS 1998c:8,9).

5.4.7 Die gesprek oor die verbreding en vermeerdering van die ampte wat in 1998 ontstaan het, is deur die Algemene Sinode in 2002 voortgesit na aanleiding van ’n verslag van die AKG wat handel oor die *Verbreding en vermeerdering van die Ampte* (AS

2002a:128-134). Hierdie verslag bring belangrike aspekte ten opsigte van die gesprek oor die herstel van die diakenamp na vore.[17]

5.4.7.1 Aanvanklik begin die verslag om moontlike redes waarom die huidige taakomskrywing van die diaken (Art.17) nie tot sy reg kom nie, te ondersoek. In aansluiting hierby vra die verslag dan na die huidige behoeftes in gemeentes en begin die verslag 'n gesprek oor die verhouding, asook die verskil, tussen die besondere bedieninge (ampte) en die dienswerk van gelowiges. In paragraaf 6 begin die verslag om die verbreding van die dienswerk van diakens te bespreek en word die punt gestel dat daar baie take ten opsigte van praktiese dienswerk in die gemeente is wat deur gelowiges onder leiding van die diaken gedoen kan word.

5.4.7.2 'n Tweede belangike punt wat in hierdie verslag geopper word, is dat die diakonale dienswerk in die gemeente, net soos die werk van die ouderling, begin by en uitkring vanaf die bediening van die Woord en die sakramente in die erediens.

5.4.8 Bogenoemde verslag het daartoe gelei dat die Algemene Sinode kritiese wysigings aan Art. 17 aangebring het. Die eerste hiervan is die uitbreiding van die inleidende sin van die artkel om die verband tussen die erediens en die diakonaat, of praktiese dienswerk, te beklemtoon. Die ander belangrike wysiging is die toevoeging dat die diaken 'n verantwoordelikheid het om die lidmate toe te rus vir hulle dienswerk. Trouens, hierdie verantwoordelikheid word eerste genoem in die lys take wat in die artikel genoem word. In geheel lees Art.17 nou:

> 17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:
>
> 17.1.1 Die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;
>
> 17.1.2 Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig:
>
> 17.1.3 Die insameling en besteding van middel wat vir die diakonale werk nodig is;
>
> 17.1.4 Die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;

[17] Uteraard bespreek die verslag ook die werk van die leraar en die ouderling, maar vir die doeleindes van hierdie navorsing word nie verder daarop ingegaan nie.

17.1.5 Ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1

17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 17.1.1 tot 17.1.5 van die *Kerkorde* die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken (AS 2002c:11)

5.4.9 Strauss (1914:826) kritiseer hierdie wysigings aan Artikel 17 en argumenteer dat genoemde wysigings meebring dat diakens se bediening naas barmhartigheidsdiens veralgemeen word tot “ongekwalifiseerde ‘praktiese’ dienswerk’”. Volgens hom bring bring hierdie invoeging mee dat die diakenamp sodoende verword tot “’n posbus vir algemene ‘praktiese’ take”. Strauss se kommer is dat die “spesifieke van die amp van diaken nie duidelik onderskei en in ag geneem word nie”. In die geheel van sy argument is dit duidelik dat Strauss diens van barmhartigheid as die “spesifieke van die amp van die diaken” sien.

5.4.10 Die wesenlik kwessie wat klaarblyklik steeds onopgelos is, is die funksieverdeling tussen die ouderling- en diakenampte. Die tweede verslag waarna hierbo verwys is wat spesifiek op die herformulering van Artikels 9, 16 en 17 fokus, beveel aan dat die ouderlingamp “fokus op geestelike leiding, bestuur en toesig” terwyl die diakenamp “op die meer praktiese vorme van dienswerk fokus” (AS 1998a:224). In vorige verslae oor die funksieverdeling tussen genoemde twee ampte is juis geargumenteer dat die funksies nie so maklik geskei kan word nie. Die diaken het ook ’n leiersfunksie en is ook betrokke by die bestuur en toesig van veral die barmhartigheidsbediening van die gemeente.

5.5 Erediensbevoegdheid aan die diaken

5.5.1 In hulle verslag aan die Algemene Sinode wat in 2013 vergader het, merk die Algemene Kuratorium op dat die nadenke oor teologiese opleiding nie net vanuit die ekklesiologie nie, maar ook vanuit die nadenke oor die amp, bepaal moet word. Daarom beklemtoon hierdie Taakspan “dat verdere besinning oor die NG Kerk se ampsbeskouing dringend noodsaaklik is” (AS 2013a:265). In die lig van hierdie pleidooi gee die Algemene Sinode dan die opdrag aan die Algemene Kuratorium

> om die studie oor die ampte en die bediening te kontinueer en en die Sinode met aanbevelings daaroor te bedien. In die studie moet erns gemaak word met die Bybelse getuienis oor die amp, daar moet gekyk word na die beklemtonings van die Reformasie en gevra word hoe ’n gereforneerde amps- en bedieningsteologie vir

> ons tyd en konteks daar kan uitsien. In die studie moet aangesluit word by die ekumeniese gesprek oor die amp (AS 2013b:11).

5.5.2 In dieselfde verslag stel die Algemene Kuratorium ook die konsep “kerklike dienswerkers” aan die orde. Volgens hierdie Taakspan is kerklike dienswerkers

> “persone wat geroep is tot die bediening, maar wat nie noodwendig geordende predikante wil wees nie. Dit sou ook studente kon wees wat na hulle eerste teologiese graad verkies om nie verder in die teologie te studeer nie, maar eerder as kerklike dienswerkers aangewend te word” (AS 2013a:268).

Die Algemene Kuratorium beveel dan aan dat die Algemene Sinode die akkreditering van kerklike dienswerkers met die oog op spesifieke dienswerk in die kerk/gemeentes goed te keur. (AS 2013a:268).

5.5.3 In hulle volgende verslag aan die Algemene Sinode wat in 2015 vergader het, stel die Algemene Kuratorium die uitgangspunt dat die kerklike bediening en teologiese opleiding asook die opleiding van kerklike dienswerkers rekening moet hou met die missionale ekklesiologie soos deur die Algemene Sinode goedgekeur is asook die twaalf empiriese indikatore van ’n missionale kerk (AS 2015a:343-344). Verder gee hierdie Taakspan ’n oorsig van die beoogde teologiese opleiding met die oog op die kerklilke bediening binne die raamwerk van ’n missionale ekklesiologie. In die lig hiervan “versoek die Algemene Sinode die Algemene Kuratorium om die volgende vergadering van die Algemene Sinode met praktiese voorstelle te dien rakende die implementering van die opleiding van tweedeloopbaanstudente en kerklike dienswerkers” (AS 2015b:28).

5.5.4 Die gesprek oor die ampte word in 2019 deur die Algemene Sinode voortgesit aan die hand van twee studiestukke wat die Algemene Kuratorium voorgelê het. Die eerste studiestuk, *Besinning oor die Ampte* (AS 2019a:315-323), is die voortsetting van ’n studie wat vroeër reeds begin het. Die tweede studiestuk, *Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk (AS 2019a:324-354),* handel oor die implementering van die “vierbaan” raamwerk wat in 2013 goedgekeur is (AS 2013b:11,12). In laasgenoemde dokument word voorsien dat die “Bedienaarskategorie” beide ouderlinge en diakens sal insluit. In die lig van hierdie dokument wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is, is Art. 17 van die Kerkorde weereens aangepas om daarvoor voorsiening te maak dat diakens met

erediensbevoegdheid ook eredienste kan lei. Die jongste weergawe van Art 17 lui soos volg:

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:
17.1.1 Die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;
17.1.2 Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;
17.1.3 Die insameling en besteding van middel wat vir die diakonale werk nodig is;
14.1.4 Die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;
17.1.5 Die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het;
17.1.6 Ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.
17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 17.1.1 tot 17.1.6 van die *Kerkorde* die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken (AS2019c:6).

5.6 Samevatting

Uit bostaande oorsig oor die diskoerse in die NG Kerk ten opsigte van die rol en funksie van die diakenamp kan die volgende tendense onderskei word:

5.6.1 In die eerste drie dekades (1962 – 1990) handel die gesprek oor die herstel van die diakenamp grootliks oor die terugkeer na die tradisionele siening soos dit verwoord is in die Dordtse Kerkorde (1618) naamlik dat die diakenamp hoofsaaklik fokus op die kerk se barmharmhartigheidsbediening. Om dit te kan doen moet die diaken ook sittingsreg in die meerdere vergaderinge in die kerk kry en losgemaak word van die verantwoordelikheid ten opsigte van die finansiële instandhouding van die erediens.

5.6.2 In die volgende drie dekades (1990 – 2019) vind daar ’n paradigmaskuif in die NG Kerk plaas, grootliks as gevolg van die gemeentebou-diskoers in hierdie tyd. Die kern van hierdie diskoers is die siening dat elke gelowige in die gemeente geroep is tot diens asook die insig dat die ampte kontekstueel ontwikkel na gelang van die eise van die tyd en gevolglik aanpas by die konteks waarin die gemeente haar in ’n gegewe tyd bevind. Die fokus van die gesprek oor die herstel van die diakenamp skuif gevolglik van ’n institusionele gesprek na ’n gemeente-ontwikkelingsgesprek.

5.6.3 Dit is opvallend dat nóg die *Dordtse Kerkorde*, nóg die eerste *Kerkordes van die NG Kerk* of die *Formulier vir die bevestiging van Ouderlinge en Diakens*, enige duidelike verwysing na die liturgiese funksies van die diaken bevat, hoewel die *Alternatiewe Formulier vir die Bevestiging vandOuderlinge en Diakens* in die NG Kerk die verband tussen die nagmaal en die barmhartigheidsdiens erken en die tafeldiens by die Nagmaal as 'n spesifieke funksie van die diaken aandui (Kerkboek 1976:63).[18] Hierdie situasie is eers in 2002 reggestel toe die inleidende sin van Art. 17 gewysig is om duidelik aan te dui dat die diakonaat in die erediens begin, en vandaar uitgaan na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef.

5.6.4 Dit is 'n leemte dat die ontwikkeling van die ekumeniese gesprekke oor 'n diakonale teologie en teorie sedert die 1960's grootliks by die NG Kerk verbygegaan het. In die NG Kerk het die gesprek aangaande die barmhartigheidsbediening sedert die middel van die vorige eeu grootliks op die ontwikkeling van die praktyk van diens van barmhartigheid gefokus. Die gevolg hiervan is dat hierdie kerk 'n omvattende, georganiseerde en professionele maatskaplike diens kon ontwikkel waarin die diaken en plaaslike gemeente dikwels 'n ondergeskikte rol gespeel het. In baie gevalle het die kerk se diakonaat sodanig in die sinodaal-georganiseerde, professionele maatskaplike diens opgegaan met die gevolg dat die gemeente se diakonaat verskraal het tot enkele barmhartigheidsprojekte binne gemeenteverband. Die rol van die diaken het terselfdertyd verskraal tot 'n kollektant, iemand wat help met die uitdeel van kommunikasiestukke in die wyke en enkele funksies binne die erediens soos die bediening van die tekens van die nagmaal (AS 2002a:129).

5.6.5 Dit is inderdaad 'n vraag of die verskillende wysigings van Art. 17 meegewerk het om die herstel of die vernuwing van die diakenamp in die gemeente te bewerkstellig. Een moontlike rede hiervoor is reeds hierbo gesuggereer naamlik dat daar nie deurlopend 'n diepgaande gesprek oor diakonale teologie in die NG Kerk gevoer is nie, maar eerder gefokus is op die ontwikkeling van 'n barmhartigheids-diens. Die wysigings aan Art.17 het telkens gebeur na aanleiding van kerkregtelike of ekklesiologiese diskoerse.

AFDELING 4: DIAKONAAT BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE MISSIONALE TEOLOGIE

[18] Die Algemene Sinode (1974b: 570) het 'n aantal alternatiewe formuliere goedgekeur wat 'n verkorting, 'n nuwe formulering en 'n taalkundige hersiening van die klassieke formuliere behels (AS 1974a:59). Dit val op dat funksies van die diakens meer uitgebreid omskryf word as in die Klassieke Formulier. Verderaan in die verslag word die opmerking verder verduidelik.

6.1 Ontwikkeling en vestiging van ’n missionale ekklesiologie in die NG Kerk

6.1.1 Hierbo is reeds daarna verwys dat die gesprek oor die verbreding en uitbreiding van die ampte wat in die neëntigerjare van die vorige eeu in die NG Kerk ontstaan het, gebeur het binne die groter konteks van die sogenaamde Gemeentebou-gesprek wat in dieselfde tyd ontwikkel het. ’n Kernvraag in hierdie gesprek was die vraag na die fokus van gemeentebou – gaan dit oor die opbou van die gemeente of die roeping van die gemeente?[19] ’n Aanverwante gesprek wat ook in hierdie tyd ontstaan het, is die teologiese regverdiging van die skeiding wat in die NG Kerk gemaak is tussen diens van barmhartigheid en sending wat in die praktyk gemanifesteer het in ’n skeiding tussen diens van barmhartigheid en missionêre diakonaat.[20] Uit hierdie twee gesprekke het verskillende dokumente ontstaan wat in 2011 by die Algemene Sinode gedien het.[21] In reaksie hierop het die Algemene Sinode (AS 2011b:114) besluit

> dat die verskillende dokumente in een dokument geïntegreer moet word wat as ’n raamwerk vir die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net ’n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat.

6.1.2 Met hierdie besluit het die NG Kerk ’n belangrike tree gegee in die rigting van ’n nuwe paradigma, of raamwerk, vir kerk-wees in die 21ste eeu (Van der Merwe 2014:209). Die geïntegreerde dokument is in 2013 aan die Algemene Sinode voorgelê onder die titel *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* [22](AS 2013a:199-215). Genoemde sinodale vergadering het die dokument ontvang:

> … as ’n dokument wat uitdrukking gee aan die geloofsonderskeidende prosesse wat die afgelope dekade aandag aan die wese en aard van die kerk en haar getuienis in die wêreld gegee het. Die Algemene Sinode aanvaar dit as deel van ’n nuwe gesprek wat ons help om saam nuwe taal te skep, wat ons lei om nuwe gesprekke te voer en

---

[19] In sy proefskrif *Met Woord én daad in diens van God. Die diakonaat van die NG Kerk in postapartheid Suid-Afrika* bespreek Van der Merwe hierdie gesprek meer breedvoerig (2014:93 vv).

[20] Van der Merwe bespreek hierdie aangeleentheid meer breedvoerig in sy proefskrif (2014:110 vv)

[21] Die twee dokumente is ‘n verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling onder die titel *Missionale Ekklesiologie* (Asa 2011:130 -141) asook dokumente van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis: *Teologiese vertrekpunte van ‘n beoogde standpuntinname oor die NG Kerkfamilie in konteks* (Asa 2011:59-63) en ‘n gespreksdokument oor Evangelisasie 2011:64-67).

[22] Verderaan in hierdie verslag word na die dokument verwys as “die Raamwerkdokument (2013)”.

> so nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die NG Kerk te ontdek (AS 2013b:8).

6.1.3 Aansluitend by hierdie mylpaal-besluit het die Algemene Sinode verder besluit om die basisdokument van die NG Kerk, naamlik *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* aan te pas deur ’n nuwe Artikel 1 in te voeg wat spesifiek hierdie kerk se roeping beskryf. Hierdie artikel lees soos volg:

> Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien, en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus (AS 2013b:19).

6.2 Behoefte aan ’n missionaal-diakonale[23] teologie

6.2.1 Nordstokke (2011a:224-225) is van mening dat drie bane, of benaderings, nodig is ten einde ’n diakonale teologie te ontwikkel. Die een baan is uiteraard ’n diepgaande kennis van die uitdagings waarmee die kerk gekonfronteer word – die kontekstuele baan. Die tweede baan wat volgens Nordstokke fundamenteel belangrik is, is die ekklesiologiese baan – die kerk se refleksie dat *diakonia* ’n integrale deel van kerkwees is. Die derde baan behels die diakonale praktyk. Nordstokke wys daarop dat die samevoeging van hierdie bane kompleks is en die byeenbring van die kennis van die teologie asook sosiale wetenskappe impliseer. Verder behels die proses ’n dialoog tussen teorie en praktyk. So gesien is die aard van die diakonaat interdissiplinêr en die ontwikkeling van ’n diakonale teologie ’n interdissiplinêre gesprek.

6.2.2 In die NG Kerk bestaan daar tans nie ’n dokument wat op omvattende wyse ’n diakonale teologie vanuit die perspektief van missionale kerkwees, beskryf nie. Die Algemene Sinode in 1994 ’n Barmhartigheidsbedieningsbeleid vir die NG Kerk goedgekeur (AS 1994b:476). Hierdie dokument begin met ‘n aantal prinsipiële vertrkpunte wat aansluit by teologiese vertrekpunte in Kerk en Samelewing (1990). Die grootste gedeelte van die Barmhartigheidsbedieningsbeleid handel egter oor die praktyk. Ten opsigte van die praktyk rus hierdie beleid op twee bene naamlik die

[23] Die konsep “missionaal-diakonale” kan problematies wees. In hierdie navorsingsverslag word dit doelbewus gebruik om te verwys na ’n diakonale teologie wat ontwikkel word binne die missionale teologie. In gewone kerktaal sou dit voldoende wees om gewoon te verwys na “diakonale teologie”.

gemeentesentriese benadering wat reeds in in 1982 deur die Algemene Sinode goedgekeur is asook ‘n benadering van professionele maatskaplike dienste wat struktureel gesproke manifesteer in ‘n barmhartigheidsbediening as kerklike werk en ‘n barmhartigheidsbeding as welsynsorganisasie.

6.2.3 Die missionale teologie soos dit in die Raamwerkdokument (2013) beskryf is, bied egter in talle opsigte ander perspektiewe op kerkwees. Verskeie van hierdie perspektiewe is ook aanwesig in die ekumeniese gesprekke oor die diakonaat waarna hierbo verwys is. In die Inleidende pragraaf van hierdie verslag is reeds opgemerk dat dit baie beperkend en onvolledig is om oor die toekomstige rol en funksie van diakenamp binne die raamwerk van ’n missionale ekklesiologie te dink sonder ’n duidelike beeld hoe die diakonale teologie binne sodanige ekklesiologie lyk. Die beginsel dat die inhoud van die ampte kontekstueel bepaal word en vanuit die gemeente opkom, is immers reeds in die gesprek oor die ampte uitgeklaar.

6.3 Boustene vir ’n missionaal-diakonale teologie

6.3.1 Die Raamwerkdokument (2013) bied ’n aantal boustene vir die ontwikkeling van ’n missionaal-diakonale teologie:

6.3.1.1 Die NG Kerk het nog altyd ’n teosentriese vertrekpunt ten opsigte van haar diens van barmhartigheid gehandhaaf (De Klerk 1990:11vv.). Die formulering in die Raamwerkdokument (2013: par. 10) beskryf dit egter baie spesifiek:

> Die dienswerk van die kerk is nie net gegrond in God se sending nie, maar is inderdaad gegrond in God self: God se liefde, Sy barmhartigheid, Sy geregtigheid, Sy versoening, Sy vrede. Die kenotiese bestaan van Christus en die prysgawe van die Seun deur die Vader vorm die basis van die kerk se dienswerk.

6.3.1.2. Die Triniteit is nie net die oorsprong van die diakonaat nie, maar bepaal ook die aard van die diakonaat. Miroslaf Volf (1998:407) beskryf God Drie-enig as “’n gemeenskap van volmaakte liefde tussen die persone wat alle goddelike attribute deel”. Hierdie twee kern-eienskappe van God – liefde en gemeenskap – is tesame met geregtigheid ook die kerneienskappe van die diakonaat. Geregtigheid is inherent deel van die “volmaakte liefde” wat in die Triniteit bestaan. In hierdie verband merk Wolsterstorff (2006:187) op:

> Not only is there justice in the relation of the persons of the Trinity to each other, justice is caught up within love for each other. Justice within the Trinity is not a social relationship within the Trinity in addition to love within the Trinity. Justice is a constituent of love within the Trinity.

6.3.1.3 Die aard van die diakonaat bring gevolglik mee dat dit meerkantig en omvattend is Dit behels barmhartigheid, geregtigheid, vrede en versoening. Die basis van die diakonaat is liefde en gemeenskap.

6.3.1.4 In die Raamwerkdokument (2013: par 5.1 – 5.6) erken die NG Kerk dat die kerk eerstens die resultaat van God se missie is en dan daarna deelnemer aan God se missie word. Die plasing van die kerk binne die *missio Dei* beteken dat die enigste doel van die kerk is om in God se sending – Sy werk hier op aarde - te dien. Dit impliseer dat elke gelowig 'n medewerker in God se sending is – diensknegte of *diakonoi*. Dit impliseer verder dat diakonaat nie net 'n handeling van die kerk nie – dit is deel van die wese van kerkwees. Die skeiding van diens van barmhartigheid en sending wat tans nog in die NG Kerk voorkom, is dus teologies gesien, gewoon ongegrond. Beide "bedieninge" is deel van een *missio Dei*. Vanuit hierdie verstaan van die opdrag van die kerk is dit nodig dwing die NG Kerk om opnuut te dink oor die wyse waarop die kerk haar werksaamhede organiseer. [24]

6.3.1.5 Die Raamwerkdokument (2013: par.5.4) herinner die NG Kerk ook aan die vier begrippe uit die Nuwe Testament wat dikwels gebruik word om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring naamlik *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (die opbou van die gemeenskap van die gelowiges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid). Volgens die Raamwerkdokument (2013) is hierdie vier aspekte is nie losstaande aksies of bedieninge nie, maar onderskeie aspekte van kerkwees wat voortdurend in wisselwerking met mekaar is. Diakonaat ontstaan wanneer gelowiges saam God aanbid en geïnspireer word deur die Woord en Gees. Die verkondiging van die goeie nuus is onvolledig sonder die dienswerk en die dienswerk is onvolledig sonder die verkondiging van die evangelie.[25]

---

[24] Hier word spesifiek gedink aan art. 53, 54 en 55 van die Kerkorde (Kerkorde 2019:17)

[25] In die huidige Kerkorde (2019) is hierdie verweefdheid en wisselwerking van die onderskeie aspekte nie duidelik sigbaar nie, aangesien die huidige struktuur van die Kerkorde die aspekte as aktiwiteite onder die rubriek *Die Arbeid van die Kerk* plaas.

6.3.1.6 Die Raamwerkdokument (2013: par 9.2) verklaar verder dat gemeentes vanuit hul aard en wese missionaal is. Dit beteken, so verduidelik hierdie dokument, dat ’n missionale gemeente op die wêreld gerig is en geroep word om verhoudings in ’n gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir Sy skepping te leef. Gemeentes bestaan in gemeenskappe en is deel van daardie gemeenskappe. Die fokus van die gemeente se diakonaat is gevolglik eerstens die plaaslike gemeenskap en distrik waarvan die gemeente deel is wat uitkring na die provinsie, die land, die continent en die wêreld.

6.3.1.7 Diakonaat is wesentlik verhoudings wat ontwikkel en groei in die dampkring van God se liefde vir die wêreld. Diakonale aksies en projekte onstaan uit verhoudings en nie andersom nie. Hierdie verhoudings word gebou op die waarheid dat wanneer “een lid ly, ly al die lede saam” (1Kor 12:26). Daarom neem die lede “gelyke sorg vir mekaar” (1 Kor 12: 25).

6.3.1.8 Die diakonaat is multidimensioneel en verskeie tipes (of modi van) diakonaat kan onderskei word soos die bediening van God se barmhartigheid en omgee vir mense en die natuur, die bediening van God se versoening en vrede, die bediening van God se geregtigheid (Raamwerkdokument 2013: par.11). Die diakonaat behels dus ’n verskeidenheid van handelinge (tipes diakonaat) wat ondere ander solidêre liefdesdiens, die bestryding van ongeregtigheid en die bevordering van geregtigheid, om vir die stemlose ’n stem te wees, vakkundige maatskaplikedienste, professionele maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling insluit.

6.4 ’n Raamwerk vir ’n diakonale praxis

6.4.1 In die vorige paragrawe is ’n aantal boustene vir ’n diakonale teologie gebaseer op die missionale teologie geïdentifiseer. Volgens Nordstokke (2011b:15) word ’n diakonale praxis gevorm wanneer kerkwees en die uitdagings van die wêreld met mekaar in verband gebring word. Die ontwikkeling van ’n diakonale praxis word dus enersyds geïnformeer deur wie die kerk is asook wat die kerk glo, en andersyds deur die konteks waarin die kerk is. Elke konteks het ‘n eie dinamika, kultuur en behoeftes. Daarom is die vraag telkens: Wat is ’n toepaslike diakonale praxis in ’n bepaalde konteks? Die antwoorde hierop lê gewoonlik nie voor die hand nie, maar verg ’n

proses van onderskeiding. Hierdie onderskeidingsproses gebeur ook nie net in die binnekamer nie, maar ook in gemeenskap met ander gelowiges en die gemeenskap.

6.4.2 Uit bogenoemde beredenering blyk dit duidelik dat die diakonale aksies nie een-rigting handelinge nie, maar altyd wederkerig werk. Die gemeente/kerk doen nie iets vir ander mense nie, maar werk saam met die ander, op ’n gelyke basis, aan die oplossing waarop gesamentlik besluit is.

6.4.3 Aangesien die kerk deur haar diakonaat op die nood in die wêreld fokus en aangesien die aard van die diakonaat is om die totale nood van die mens en die wêreld insluitend die natuur, holisties te bedien, funksioneer die diakonaat interdissiplinêr. Die diakonaat het die kundigheid van ander vakdissiplines soos Maatskaplike Werk, Verpleegkunde, Gemeenskaps-ontwikkeling, Ekonomie, die Bestuurswetenskap, ens. nodig.

6.4.4 Enige nood in die gemeenskap raak die hele gemeenskap. Die gemeente is ook nie die enigste instansie in ’n gemeenskap nie. Samewerking en vennootskappe met ander instansies is derhalwe ’n belangrike aspek van enige diakonale praxis. Sodanige samewerking en vennootskappe is primêr gerig op die spesifieke nood in die gemeenskap en is nie ’n ruimte vir die gemeente om haar geloofsoortuigings te bepleit of te bevorder nie. Die rede vir die gemeente se deelname aan vennootskappe en gemeenskapsaksies is haar roeping om as medewerker in God se sending die koms van God se koninkryk in daardie gemeenskap te dien. Dit is altyd die motivering vir gemeente se diakonale handelinge.

6.4.5 In die Suid-Afrikaanse konteks, soos in ander lande in die wêreld, gebeur die diakonaat binne die raamwerk van wetgewing en staatsbeleid. Wetgewing en staatsbeleid kan soms as ’n hindernis gesien word, maar dit bied ook geleenthede vir die gemeente of kerkverband om haar diakonaat meer doeltreffend uit te voer. Dit bly egter belangrik dat die unieke identiteit, aard en werkwyse van die diakonaat nooit prysgegee kan word.

6.5 Missionale leierskap

6.5.1 In die vorige afdeling is kortliks beskryf hoe die denke oor die rol en funksie van die diaken in die NG Kerk die afgelope ses dekades geskuif het vanaf die klassieke benadering van die Dordtse Kerkorde waarvolgens die diakonie verantwoordelik is

vir die diens van barmhartigheid na ’n benadering wat meer op die ontwikkeling van die dienswerk van die gemeente fokus. In hierdie paradigmaskuif verander die rol van die diaken van dienskneg, of diensleweraar, na leier. In die paragrawe wat volg, word kortliks ondersoek ingestel na hoe missionale ekklesiologie die leierskapsbenadering in die kerk beïnvloed.

6.5.2 Niemandt (2019:71) merk op dat die verstaan van missionale leierskap ten diepste in die kerk se begrip van missionale kerkwees ingebed is. Hy verduidelik verder: “(T)the core function of missional leaders is to discern what the Spirit is up to and then lead the congregation in joining in God’s mission (Niemandt 2019:73)”. In die lig hiervan definieer Niemandt (2016:86) missionale leierskap as “the transformation of people and institutions to participate, through meaningful relations and in the power of the Spirit, in God’s mission”.

6.5.3 Volgens Niemandt (2019:74) is die hooffokus van missionale leiers dus tweërlei: om transformasie te fasiliteer en om deel te neem aan die lewens-veranderende werk van die Heilige Gees in die kerk, in gemeentskappe en die skepping. Die doel van die transformasie is die florering van mense, die kerk, die samelewingsinstellings en die skepping (Niemandt 2019:74).[26] Die doel en uitkoms van transformerende leierskap is, volgens Niemandt (2015:3): ”(it) to ignites and drives change; starting with the inner transformation of the leader, leading to the transformation of the church as well as the context wherein the church finds itself”.

6.5.4 Die verandering, of transformasie wat hier ter sprake is, is meer as net strukturele en organisatoriese skuiwe. Niemandt (2019:77) wys daarop dat missionale transformasie diepgaande is.

> (T)this necessitates an approach that attempts to find answers through discovery *via* discerning reflection, experimentation and practice. It demands a change of heart from leaders. If you want to manage change, you must change. This is why missional leadership is deeply embedded in new missional spirituality.

6.5.5 So gesien verg missionale leierskap ’n organiese benadering wat rus op verhoudings (Niemandt 2019:82). Missionale leiers verstaan dat die konsepte “gesag” en “mag” in ’n missionale kerk anders funksioneer as in die wêreld. ’n Missionale kerk se gesag

[26] Die vergadering van die WRK wat in 2013 in Busan vergader het, het tot die slotsom gekom dat die “volheid van lewe” (Joh.10:10) die doel van God se sending is.

en mag setel nie in ampte, kerkvergaderings of kerklike beleidsdokumente nie, maar in die roeping van God Drie-enig om Jesus te volg. ’n Opmerking van Jan van Watt in ’n gesprek met Nelus Niemandt (2019:70) is hier gepas: “(T)the incarnation of Christ, and the way in which Jesus Christ embraced his context, serves as a much clearer example of the way in which power and authority operates”.[27] Van der Merwe (2014:193) haal dié verband vir Nordstokke (2011b:50) aan wat ons daaraan herinner dat Jesus gesag heeltemal anders as die heersende sosiale norme van destyds verstaan het (Mark10:42vv.):

> It was not authority over people, but an authority for people manifested on occasions when he healed the sick and included them in the life of society. His authority astonished people (Lk.9:8) who praised God for what they had seen him do.

7. AFDELING 5: DIE HERSTEL VAN DIE DIAKENAMP: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 Waarnemings

Uit die gegewens wat in hierdie verslag opgeskryf is, kan die volgende voorlopige waarnemings ten opsigte van die diakenamp in die NG kerk gemaak word:

7.1.1 Volgens die notules van die Algemene Sinode is die gesprek oor die herstel van die diakenamp reeds ses dekades aan die gang. In sigself is dit positief. Die wêreld waarin die kerk funksioneer, verander voortdurend en nuwe uitdagings ontstaan. In die Algemene Sinode het die gesprek aanvanklik gefokus op die sittingsreg van die diaken in meerdere vergaderings en die tradisionele funksies van die diaken. Mettertyd het die gesprek geskuif na die roeping van die kerk en hoe om ’n brose, komplekse en onseker wêreld te bedien. In hierdie roepingsgesprek het die Algemene Sinode besef dat God Drie-enig die NG Kerk roep om ’n medewerker in Sy sending (*missio Dei*) te wees. In hulle jongste verslag oor die besinning oor die ampte kom die Algemene Kuratorium (AS 2019a:316) tot die volgende konklusie: “Ons moet nie net dink oor wat die gemeente nodig het nie, maar van meet af oor wat nodig en goed is vir die koninkryk en die omringende omgewing en wêreld. Die gemeente dien juis die koninkryk.” Hierdie stelling impliseer dat die gesprek oor die

[27] Die oorspronklike konteks waarin Van der Watt hierdie opmerking gemaak het, is ’n gesprek oor die wyse waarop die Bybel gebruik word om leierskapstyle uit die Bybel of die optrede van Bybelse karakters af te lei (Niemandt 2019:70).

diakenamp nie meer oor die herstel van die diakenamp kan handel nie, maar eerder oor wat die rol en funksie van die diaken in die gemeente se bediening in vandag se wêreld moet wees – soos die Algemene Sinode se 2019-besluit in die verband inderdaad aandui.

7.1.2 Hieruit volg dat die ruimte waarin die gesprek oor die rol en funksie van die diaken gebeur, ’n gesprek oor die gemeente se diakonaat moet wees. In die verslag is aangetoon dat daar reeds vanaf die sestigertiger jare van die vorige eeu in die ekumeniese kerk, maar ook in spesifieke denominasies, ’n omvattende diskoers oor die *diakonia* van die kerk ontstaan het. Hierdie gesprekke is ondere andere aangevuur deur vrae oor die rol van die kerk in die samelewing, die besinning oor die roeping en rol van lidmate teenoor die rol van die besondere ampte, nuwe navorsing oor die betekenis en gebruik van die Griekse woord *diakonia* en die verhouding met ander (nuwe) vakdissiplines soos Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling.

7.1.3 Die gegewens in die verslag dui verder aan dat die ontwikkeling van ’n (missionale) diakonale teologie in die NG Kerk in die afgelope jare nie baie aandag gekry het nie. Die instandhouding van die professionele en sinodaal-georganiseerde barmhartigheidsbediening wat sedert die 1950’s deur die NG Kerk ontwikkel is, grootliks in vennootskap met die staat, het duidelik die diens van barmhartigheidsgesprek die afgelope dekades oorheers. ‘n Bydraende faktor is die afskaffing van die permanente kommissies deur die Algemene Sinode in 2004 wat meegbering het dat daar nie langer ’n spesifieke kommissie soos die AKDB is wat hieraan aandag kon gee nie. Hierdie fokus op die praktyk asook die organisatoriese veranderinge in die Algemene Sinode het meegebring dat die ontwikkeling van ’ne diakonale teologie in die NG Kerk grootliks agterweë gebly het.

7.1.4 ’n Verdere bewys van die behoefte aan ’n diakonale teologie is die wyse waarop art. 17 van die Kerkorde wat handel oor die taak van die diaken, telkens aangepas is. Tot 1990 het die gesprek gehandel oor die wegneem van take wat nie deel is van die tradisionele barmhartigheidsbediening nie. Na 1990 is verskeie take bygevoeg sonder dat daar ’n duidelike besinning plaasgevind hoe hierdie take inpas by ’n groter visie en plan vir die diakonaat van die kerk.

7.1.5 Dit is opvallend hoe min gesprek daar die afgelope paar dekades oor die rol en funksies van die diaken gevoer is, in sowel ekumeniese gesprekke as in die Algemene Sinode van die NG Kerk. Een moontlike rede hiervoor is die feit dat die gesprek oor die diaken meestal in die konteks van die ampsteologie gevoer word.

Nog ’n moontlike rede is die feit dat die diakenamp en die barmhartigheidsbediening in die NG Kerk in praktyk van mekaar geskei word, moontlik vanweë die fokus op professionele maatskaplikedienste.

7.1.6 Die onderskeie diskoerse waarna in die verslag verwys word, byvoorbeeld die diskoers oor die inhoud van die konsep *diakonia* en die diakonale bediening van die kerk, die navorsing oor die betekenismoontlikhede van die *diakon*-woordgroep asook die diskoerse oor missionale kerkwees en missionale leierskap, bied belangrike rigtingduiders ten opsigte van die omskrywing van toepaslike rolle en funksies vir die diaken in ’n missionale kerk. Hierdie gesprek kan nie egter nie in ’n vakuum plaasvind nie en die toekomstige rolle en funksies van die diaken kan nie eensydig deur ’n (Kerkorde) taakspan geformuleer word nie. Ter ondersteuning van hierdie redenasie word die volgende voorbeeld gegee: uit die gegewens in hierdie verslag blyk dit dat minstens twee paradigmas ten opsigte van die rol en funksies van die diaken onderskei kan word naamlik die diaken as tussenganger en die diaken as leier. Die keuse rakende die paradigma beïnvloed die beskrywing van die role n funksie van die diaken dire ken behoort geïnformeer te word deur deur ’n breë geprek oor die diakonaat van die kerk.

7.1.7 Die daarstelling van ’n Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk bied ’n goeie geleentheid om diakens op te lei en te ontwikkel om as bedienaars en diensleraars in gemeentes verantwoordelikheid te neem vir die daarstelling en implementering van die gemeente se diakonale bedieningsplan. Die vorige opmerkings die wisselwerking tussen konteks en teologie om toepaslike praktyk daar te stel, is natuurlik ook hier van toepassing.

7.1.8 ’n Laaste waarneming: Die gebrek aan ’n diepgaande besinning oor *diakonia* in die NG Kerk het waarskynlik baie bygedrae tot die verdere verval van diakenamp. Indien hierdie waarneming korrek is, beteken dit dat die herstel van die diakenamp eers sal gebeur wanneer daar in gemeentes, ringe en sinodes ’n diepgaande besinning oor diakonia ontstaan.

7.2 ’n Hipotese

Uit bogenoemde waarnemings kan die volgende hipotese geformuleer word: ’n goed-ontwikkelde diakonale diskoers is nodig om die ruimte te skep waarbinne ’n dinamiese diakonale teologie en praxis kan ontwikkel. ’n Voorvereiste vir hierdie diskoers is

enersyds die vermoë tot onderskeiding en andersyds ’n verteenwoordigende gemeenskap van gelowiges.

7.3 Aanbevelings (Sien ook Van der Merwe 2014:254)

7.3.1 Die besinning oor die rol en funksies van die diaken behoort nie in ’n vakuum of as ’n afdeling van ’n groter studie oor die ampte te gebeur nie, maar binne ’n omvattende diskoers oor diakonale teologie en praxis (sien die hipotese hierbo).

7.3.2 Die implementering van ’n (missionale) diakonaat rus op drie pilare naamlik ’n proses van deelname, die integrasie van programme en projekte en navorsing en ontwikkeling. Om deelname te bevorder behoort die Algemene Sinode ‘n proses van stapel te stuur wat die gesprek oor diakonale teologie en praxis in gemeentes, ringe en sinodes bevorder. Om die integrasie van professionele maatskaplikedienste by die diakonaat van die kerk te bevorder behoort die gesprekke tussen die KMDR en die Algemene Sinode afgewentel te word na sinodes en die lidorganisasies van die KMDR. Navorsing en ontwikkeling is nodig ten einde inligtingsmateriaal, kort kursusse en die kurrikula vir modules en selfs ’n graadprogram in Diakonale studies te ontwikkel.

BRONNELYS

ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK.

- 1962a. Agenda van die eerste Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1962b. Handelinge van die eerste Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1966a. Agenda van die tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1966b. Handelinge van die tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1970a. Agenda van die derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1970b. Handelinge van die derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1974a. Agenda van die vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1974b. Handelinge van die vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1976. Die Kerkboek van die Nderduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- 1978a. Agenda van die vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1978b. Handelinge van die vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1982b. Handelinge van die sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1990a. Agenda vir die agste Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1994a. Agenda vir die negende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1994b. Handelinge van die negende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1998a. Agenda vir die tiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 1998b. Handelinge van die tiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.

- 1998c. Die Kerkorde van die Nerderduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2002a. Agenda vir die elfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2002c. Die Kerkorde van die Nederduitse Gerformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2004a. Agenda vir die twaalfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2007a. Agenda vir die dertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2007b. Handelinge van die dertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2011a. Agenda vir die veertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2011b. Handelinge van die veertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2011c. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2013a. Agenda vir die vyftiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2013b. Handelinge van die vyftiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2013c. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2015a. Agenda vir die vyftiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2015b. Handelinge van die sestiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2019a. Agenda vir die vyftiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2019b. Handelinge van die sewentiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.
- 2019c. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Algemene Sinode.

Addy, Tony (red). 2014. *Seeking Conviviality. Reforming Community Diakonia in Europe*. Geneve: Lutheran World Federation.

Addy, Tony (red). 2017. *Seeking Conviviality. Reforming Community Diakonia in Europe. Evaluation and Commentary from the European Solidarity Group*. Geneve: Lutheran World Federation.

Breed, G. 2012. Nuut gedink oor die wese en inhoud van die dienswerk van die diaken, *HTS Teologiese Studiens/Theological Studies* 68(1), http://dx.doi/10..4102/hts.v68/1.1059 gelees

Burger, C.W. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees*. Stellenbosch: BUVTON.

Christensen, M.M. 2019. Historical Perspectives on Diaconal Ecclesiology. In Dietrich, S; Jorgensen, K.; Korslien, K, en Nordstokke, K. *The Diaconal Church.* Oxford: Regnum Books International. 2019.

Church of Scotland Diaconate. 2018. *Deacons of Word and Service. The vision statement of the Church of Scotland Diaconate*. Afgelaai op

Collins, J.N. 1990. *Diakonia. Re-interpreting the ancient sources*. New York, NY: Oxford University Press.

De Jonge, K.T. 2009. Diaconaat en gemeente. In Den Hertog, G.C.& Noordegraaf, A. *Dienen en Delen. Basisboek diaconaat*. Zoetermeer: Boekecentrum, pp.142-169.

De Klerk, J.J. 1990. *Die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk*. Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid. Pretoria. 1990.

Eurich, Johannes. 2015. *From the pas tot the future. The development of diaconia in Germany since the 19th century and its influence on the church in South Africa*. Lesing aangebied by Hugenote Kollege, Wellington op 7 September 2015.

Hall, Christine. 2013. Research on the diaconate; a retrospective view of promise and challenge. *International Journal for the study of the Christian Chur*ch, 13:4, pp.258 – 269.

Ham Stanard, Carlos H. 2015. *Empowering Diakonia: A Model for Service and Transformation in the Ecumenical Movement and Local Congregations*. Gepubliseerde proefskrif, Vrije Universiteit, Amsterdam.

International Federation of Social Workers. 2014. https://www.ifsw.org gelees 23 Julie 2021.

Latvus, K. 2010. Diaconal ministry in the light of reception and re-interpretation of Acts 6. Did John Calvin create the social caritatitave ministry of diaconia? *Diaconia. Journal for the Study of Christian Social Practice*, 1:1, pp.82-102.

Latvus, Kari. 2017. Diaconia as Care for the Poor? Critical perspectives of Caritative Diaconia. *Kirkon tutkimuskeskus* (Church Research Center - Ev Lutheran Church of Finland (Uitgewer). Kirkon tutkimuskeskuksen verkkojulkaisuja 53 (Church Research Center Publications 53)

Nauta, D. 1971. *Verklaring van De Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: J.H. Kok.

Nederduitse Gerformeerde Kerk. 1976. *Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: B.G. Kerk-Uitgewers.

NG Kerk in SA. 1915. *Skema van werksaamhede. Sinode 1915*. Kaapstad: NG Kerk in Suid-Afrika.

Niemandt, C.J.P. 2015. Complex leadership as a way forward for transformational missionale leadership in a denominational structure. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 71(3), a2951. https://doi.org/10.4102/hts.v71i3.2951.

Niemandt, N. 2019. *Missional Leadership* (HTS Religion & Soceity Series Vol 7), AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK108.05

Nieuwoudt, M.M. Die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk. Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid. Pretoria. 1990.

Noordegraaf, A. 2009a. Inleiding. In Den Hertog, G.C. & Noordegraaf, A. *Dienen en Delen. Basisboek diaconaat*. Zoetermeer: Boekecentrum, pp.9-26.

Noordegraaf, A. 2009b. Verkenningen in de Bijbel. In Den Hertog, G.C. & Noordegraaf, A. *Dienen en Delen. Basisboek diaconaat*. Zoetermeer: Boekecentrum, pp.27-58.

Noordegraaf, A. 2009c. Verkenningen in de geschiedenis. In Den Hertog, G.C.& Noordegraaf, A. *Dienen en Delen. Basisboek diaconaat*. Zoetermeer: Boekecentrum, pp.59-106.

Noordegraaf, Ab. 2005. Maarten Luther (1483-1546): Vrij en Diensbaar. In Crijns, H.…Van Well, H. (reds.) *Barmhartigheid en Gerechtigheid. Handboek Diaconiewetenschap*. 2de uitg. Kampen: Kok, pp. 142–143.

Noordegraaf, H. 2009. *De Diaconale C-faktor. De betekenis van Calvijn voor het diaconaat*. Sticting Rotterdam (2de diakonale lesing gelewer op 23 Oktober 2009).

Noordegraaf, H. en Wissink, J. 2011. Een agenda voor de diaconiewetenschap. In Crijns, H.U.B. …Arts-Honselaar, H. reds. *Diaconie in Beweging. Handboek diaconiewetenschap*. Kampen: Kok, pp.390-404.

Nordstokke, Kjell (red.) 2009. Diakonia in Context: Transformation, Reconcialiation, Empowerment. Geneve: Lutheran World Federation.

Nordstokke, Kjell. 2011a. Reflections on the Theology of Diakonia. *Diakonian Tutkimus*. 2/2011 :223 – 233. Afgelaai op 20/05/2015.Nordstokke, K. 2011

Nordstokke, Kjell. 2011b. *Liberating diaconia*. Trondheim: Tapir Akademisk.

Nordtstokke, Kjell. 2014. Diakonia and diaconate in the World Council of Churches. *International Journal for the study of the Christian Church*, 13:4, pp.286 – 299.

Olson, Jeanine E. 2005. *Deacons and Deaconesses trhough the Centuries (Revised edition)*. St Louis: Concordia Publishing House.

Pont, A.D. 1971. Aantekeninge rondom die ampsopdrag van die diaken. *HTS Teologiese Studies*, Vol 27, No 1/2 Junie, 1971.

Poser, K. 1987. Diakonia 2000 – Called to be Neighbors. Official Report of the WCC World Consultation on Inter-Church Aid, Refugee and World Service, Lanarca, Cyprus, November 1986. Geneve: WC Publications.

Robra, Martin. 1994. Theological and Biblical Reflection on Diakonia. A Survey of Discussions within the World Council of Churches. *The Ecumenical Review*. 46(3), pp.276-286.

Strauss, P.J. 2020. NG Kerkorde 1962 en Sinodes: Die Dordtse KO aangepas by die eise van ons dag? *Verbum et Ecclesia* V0 41(1).

Van der Merwe, W.C. 2014. *Met Woord en Daad in diens van God. Die diakonaat van die NG Kerk in postapartheid Suid-Afrika.* Ongepubliseerde Ph.D. dissertasie, Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch.

Van Well, H. 2005. De vroege Kerk. In Crijns, H.…Van Well, H. (reds.) *Barmhartigheid en Gerechtigheid. Handboek Diaconiewetenschap.* 2de uitg. Kampen: Kok, pp. 125–127.

Van Well, H. 2005. De Negentiende Eeuw. In Crijns, H.…Van Well, H. (reds.) *Barmhartigheid en Gerechtigheid. Handboek Diaconiewetenschap*. 2de uitg. Kampen: Kok, pp. 151–153.

Van Well, H. 2005. Otto Gerhard Heldring (1804-1876): Uit Verlies Winst – Vrij Viaconaat. In Crijns, H.…Van Well, H. (reds.) *Barmhartigheid en Gerechtigheid. Handboek Diaconiewetenschap.* 2de uitg. Kampen: Kok, pp. 151–153.

Wêreld Raad van Kerke. 1982. Baptism, Eucharist and Ministry. *Faith and Order Paper no.111*, Geneve: WRK

Yancey, G & Garland D.R. 2014 Congregational Social Work. Encyclopedia of Social Work.